

**DIE VERTALING VAN JOHANNES 1,5 MET BESONDERE
VERWYSING NA OY KATEAABEN**

Verhandeling voorgelê deur

Johan Jacob Janse van Rensburg

**ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad *Magister Artium (Grieks)* aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër
Onderwys, onder leiding van
*Prof. J.H. Grobler***

1976

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD xiii

AFKORTINGS xiv

INLEIDING 1

HOOFSTUK 1 : DIE BREËRE KONTEKS WAARBINNE JOHANNES 1,5 VOORKOM

1.1 Die Proloog binne die geheel van die evangelie 5

1.1.1 Die evangelie in geheel 5

1.1.2 Die Proloog 5

1.1.3 Kanoniese aspekte 6

1.1.3.1 Die tyd van ontstaan

1.1.3.2 Die kultuurhistoriese situasie

1.1.3.3 Die doel van die skrywer met die
geskrif as geheel

1.1.4 Die verband met die Ou Testament 8

1.1.5 Die samehang en eenheid van die
evangelie en die Proloog 10

1.1.5.1 Algemeen

1.1.5.2 Johannes 1,1-51 - die inleiding
tot die boek

1.1.5.3 Gevolgtrekking

1.2 Johannes 1,5 binne die geheel van die Proloog 12

1.2.1 Inleiding 12

1.2.1.1	Die vorm en inhoud van die Proloog	
1.2.1.2	Die goddelike oorvloed in die Bybel	
1.2.2	Die bou van die Proloog	16
1.2.3	Die ontstaan, inhoud en eenheid van die Proloog	16
1.2.3.1	Die omvang van die Proloog	
1.2.3.2	Die ontstaan van die Proloog	
1.2.3.2.1	Die sogenaamde Logoslied-teorie	
1.2.3.2.2	Die apologetiese motief	
1.2.3.2.3	Die standpunt van H.N. Ridderbos	
1.2.3.2.4	Die oorspronklike omvang van die Proloog	
1.2.4	Gevolgtrekking	22

HOOFSTUK 2 : DIE BETEKENISVELD VAN AAMBANEIN, ΠΑΡΑΑΜΒΑΝΕΙΝ EN ΚΑΤΑΑΜΒΑΝΕΙΝ

2.1	Inleiding	25
2.2	Λαμβάνειν	25
2.2.1	Betekenismoontlikhede in die klas= sieke en hellenistiese Grieks	25
2.2.1.1	Die betekenismoontlikheid <u>neem</u>	
2.2.1.2	Die betekenismoontlikheid <u>ontvang</u>	
2.2.1.3	In die medium	
2.2.2	In die Nuwe Testament	27
2.2.2.1	Die betekenismoontlikheid <u>neem</u>	
2.2.2.2	Die betekenismoontlikheid <u>ontvang</u>	
2.2.3	In die Johannes-evangelie	29
2.2.3.1	Die betekenismoontlikheid (pas= siewe) <u>ontvang</u> , <u>kry</u>	
2.2.3.2	Die betekenismoontlikheid (ak= tiewe) <u>neem</u> , <u>vat</u>	

2.2.3.3	Die betekenismoontlikheid <u>aanneem</u> (vir wat Hy is), <u>aanvaar</u> , <u>ontvang</u>	
2.2.3.4	Opsommend	
2.2.4	In die Proloog	30
2.3	Παραλαμβάνειν	31
2.3.1	Die klassieke en hellenistiese gebruik	31
2.3.2	Judaïsme	33
2.3.3	In die Nuwe Testament	33
2.3.3.1	Inleidend	
2.3.3.2	Die betekenismoontlikheid <u>vir</u> <u>jouself neem</u> , <u>meeneem</u>	
2.3.3.3	Die betekenismoontlikheid (pas= sien) <u>ontvang</u>	
2.3.3.4	Die betekenismoontlikheid <u>aan</u> = <u>neem</u> (om te onderhou)	
2.3.3.5	Opsommend	
2.3.4	In die Johannes-evangelie	36
2.3.4.1	Buite die Proloog	
2.3.4.2	In die Proloog	
2.4	Καταλαμβάνειν	37
2.4.1	Betekenismoontlikhede buite die Johannes-evangelie	37
2.4.1.1	In die klassieke Grieks	37
2.4.1.1.1	Die betekenismoontlikheid <u>beset</u> , <u>oorweldig</u>	
2.4.1.1.2	Die betekenismoontlikheid <u>in</u> = <u>haal</u> , <u>betrap</u> , <u>uitvind</u> , <u>erresteer</u>	

- 2.4.1.1.3 Die betekenismoontlikheid vind,
afkom op
- 2.4.1.1.4 Die betekenismoontlikheid onder
hou, vinger op die pols hou, be-
heer
- 2.4.1.2 In die LXX 40
- 2.4.1.2.1 Inleidend
- 2.4.1.2.2 Καταλαμβάνειν in die LXX
- 2.4.1.2.3 Die betekenismoontlikheid inhaal
- 2.4.1.2.4 Die betekenismoontlikheid beset,
vang, oorweldig, inneem
- 2.4.1.2.4.1 Plek, vesting inneem, oorweldig
- 2.4.1.2.4.2 η Μὲν oorweldig, vang, gryp
- 2.4.1.2.5 Die betekenismoontlikheid uitvind,
aantref, betrap
- 2.4.1.2.6 Die betekenismoontlikheid bereik,
tegemootgaan
- 2.4.1.2.7 Twee verdere betekenismoontlik=
hede
- 2.4.1.2.8 Opsommend
- 2.4.1.3 In die Nuwe Testament 46
- 2.4.1.3.1 Inleidend
- 2.4.1.3.2 Die betekenismoontlikheid oorwel-
dig
- 2.3.1.3.3 Die betekenismoontlikheid betrap,
(onverhoeds) oorval
- 2.4.1.3.4 Die betekenismoontlikheid ver-
staan, begryp
- 2.4.1.3.5 Die betekenismoontlikheid (pas=
siewe) verkry, ontvang
- 2.4.1.3.6 Opsommend
- 2.4.1.4 In die Patristiese tydperk 50
- 2.4.1.4.1 Inleidend
- 2.4.1.4.2 Die betekenismoontlikheid gryp,
besit kry van, beset, oorweldig
- 2.4.1.4.3 Die betekenismoontlikheid aankom,
bereik
- 2.4.1.4.4 Twee verdere betekenismoontlik=
hede
- 2.4.1.4.5 Opsommend
- 2.4.1.5 In die Bisantynse tydperk 53

2.4.1.5.1	Inleidend	
2.4.1.5.2	Die betekenismoontlikheid <u>gaan</u> , <u>kom</u> , <u>bereik</u>	
2.4.1.5.3	Die betekenismoontlikheid <u>be-</u> <u>gryp</u> , <u>verstaan</u> , <u>leer</u> , <u>waarneem</u>	
2.4.1.5.4	Opsommend	
2.4.1.5	Samevattend	54
2.4.2	In die Johannes-evangelie	54
2.4.3	Verskillende vertalings van οὐ κατέλαβεν in Johannes 1,5	55
2.4.3.1	Enkele amptelike vertalings	
2.4.3.2	Vertalings van enkele kommenta- tore	
2.5	Die Vergelyking van die betekenismoontlikhede van λαμβάνειν, παραλαμβάνειν, καταλαμβάνειν in die Nuwe Testament	57
2.5.1	Λαμβάνειν	57
2.5.2	Παραλαμβάνειν	57
2.5.3	Καταλαμβάνειν	57
2.5.4	Gevolgtrekking	58

HOOFSTUK 3 : BETEKENISVELD VAN ΣΚΟΤΙΑ, ΦΩΣ EN ΦΑΙΝΕΙΝ

3.1	Die betekenisveld van σκοτία	59
3.1.1	In die klassieke Grieks	59

3.1.1.1	Die woordgroep in Grieks	
3.1.1.2	Betekenismoontlikhede	
3.1.2	In die Ou Testament	60
3.1.2.1	Agtergrond uit die Ou Nabye Ooste	
3.1.2.2	Die betekenismoontlikhede van <u>duisternis</u> in die Ou Testament	
3.1.2.3	Algemene trekke	
3.1.3	In die Judaïsme	61
3.1.4	In die Hellenisme	62
3.1.4.1	Algemeen	
3.1.4.2	In die hellenistiese literatuur	
3.1.4.3	In die Odes van Salomo	
3.1.4.4	By die Mandeërs	
3.1.4.5	By die Manicheërs	
3.1.4.6	By die Christelike Gnostiek	
3.1.5	In die Nuwe Testament	63
3.1.5.1	Inleiding	
3.1.5.2	Die Sinoptici, Handelinge en al- gemene sendbriewe	
3.1.5.2.1	Inleiding	
3.1.5.2.2	Letterlik	
3.1.5.2.3	Figuurlik	
3.1.5.2.4	Oordragtelik	
3.1.5.3	In die briewe van Paulus	
3.1.5.4	In die eerste brief van Johannes	
3.1.5.5	In die Johannes-evangelie	
3.1.6	Gevolgtrekking	68
3.2	Die betekenisveld van φῶς	69
3.2.1	In die klassieke Grieks	69
3.2.1.1	Die woordgroep in Grieks	
3.2.1.2	Algemene gebruik	
3.2.1.3	By die voor-Sokraties	

3.2.1.4	Die vroeë dualisme	
3.2.1.5	Die Pythagoreërs	
3.2.1.6	Plato	
3.2.1.7	Aristoteles	
3.2.1.8	In die kultus	
3.2.2	In die Ou Testament	71
3.2.2.1	Agtergrond uit die Ou Nabye Ooste	
3.2.2.2	Die gebruik in die Ou Testament	
3.2.3	Judaïsme	73
3.2.3.1	Algemeen	
3.2.3.2	Die Rabbynse literatuur	
3.2.4	Die Hellenisme en Gnostisisme	73
3.2.5	Die Nuwe Testament	74
3.2.5.1	Inleiding	
3.2.5.2	Betekenismoontlikhede	
3.2.5.3	In die Johannes-evangelie	
3.2.5.3.1	Inleiding	
3.2.5.3.2	Die betekenisveld	
3.2.5.3.2.1	Inleiding	
3.2.5.3.2.2	Negatief	
3.2.5.3.2.3	Positief	
3.2.5.3.2.4	Φῶς (en σκοτία) in vers vier en vyf	
3.2.6	Gevolgtrekking	78
3.3	Die betekenisveld van φαίνεiv	79
3.3.1	In die klassieke Grieks	79
3.3.1.1	Die woordgroep in Grieks	
3.3.1.2	In die aktief	
3.3.1.3	As medium/passief dennoent	
3.3.1.4	In die Wysbegeerte	

3.3.2	In die koiné-Grieks	80
3.3.3	In die LXX	80
3.3.3.1	Inleiding	
3.3.3.2	Die verskillende betekenismoontlikhede	
3.3.3.2.1	Die betekenismoontlikheid (fi-sieke) <u>waarneem</u> , <u>sien</u>	
3.3.3.2.2	Die betekenismoontlikheid <u>skyn</u> , <u>glinster</u> , <u>lig gee</u> , <u>verlig</u>	
3.3.3.2.3	Soos δοκέω : hy/sy/dit <u>lyk</u> ...	
3.3.3.2.4	Die betekenismoontlikheid <u>ver=skyn</u> , <u>vertoon</u> , <u>openbaar</u>	
3.3.3.3	Gevolgtrekking	
3.3.4	In die Nuwe Testament	83
3.3.4.1	Inleiding	
3.3.4.2	Betekenismoontlikhede	
3.3.4.2.1	Die betekenismoontlikheid (fi-sieke) <u>waarneem</u> , <u>sien</u>	
3.3.4.2.2	Soos δοκέω : hy/sy/dit <u>lyk</u> ...	
3.3.4.2.3	Die betekenismoontlikheid <u>ver=skyn</u>	
3.3.4.2.4	Die betekenismoontlikheid <u>skyn</u> , <u>lig werp</u>	
3.3.5	Gevolgtrekking	86

HOOFSTUK 4 : DIE BOU VAN DIE PROLOOG

4.1	Inleiding	89
4.2	Die verband met die Hebreëuse poësie van die Ou Testament	89

4.2.1	Inleiding	89
4.2.2	Klimaktiese parallelisme in vers een	90
4.2.3	Vers twee van die Proloog	91
4.2.4	Omgekeerde sinonieme parallelisme in vers drie	92
4.2.5	Onvolledige parallelisme met kom= pensasie in vers vier	93
4.2.6	Vers vyf van die Proloog	93
4.2.7	Gevolgtrëkking	94
4.3	Die struktuur van die Proloog	95
4.3.1	Strofes binne die Proloog	95
4.3.2	n Illustrasie van die poëtiese vormgewing van die Proloog	95
4.3.3	Verdere aanduidings van die fyn= gestruktureerdheid van die Proloog	98
4.3.3.1	Die eerste strofe van die Proloog	
4.3.3.2	Kleinerwordende konsentriese sir= kels ten opsigte van entiteite	
4.3.3.3	n Omgekeerd-stygende orde ten op= sigte van die werkwoorde waarvan hierdie entiteite die onderwerpe is	
4.3.3.4	Die betekenis van die òt-solita= rium in vers twaalf	
4.3.4	Gevolgtrëkking	102

HOOFSTUK 5 : SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN DIE VOORGESTELDE VERTALING

5.1 Verskillende vertalingsmoontlikhede van οὐ κατέλαβεν 103

5.1.1 Inleiding 103

5.1.2 Begryp/verstaan as 'n moontlike vertaling 103

5.1.2.1 Inleiding

5.1.2.2 Diakronies besien

5.1.2.3 Sinkronies besien

5.1.2.4 Kontekstueel besien

5.1.2.5 Gevolgtrekking

5.1.3 Aanvaar as 'n moontlike vertaling 105

5.1.3.1 Inleiding

5.1.3.2 Diakronies besien

5.1.3.3 Sinkronies besien

5.1.3.4 Kontekstueel besien

5.1.3.5 Struktuuranalities besien

5.1.3.6 Gevolgtrekking

5.1.4 Die moontlikheid van 'n bedoelde dubbelbetekenis 111

5.1.4.1 Inleiding

5.1.4.2 Oorweging van die moontlikheid van 'n bedoelde dubbelbetekenis

5.1.4.2.1 Oorweldig en verstaan

5.1.4.2.2 Oorweldig en aanvaar

5.1.4.3 Gevolgtrekking

5.1.5 Oorweldig as 'n moontlike ~~ver~~ taling 115

5.1.5.1 Inleiding

5.1.5.2 Diakronies besien

5.1.5.3 Sinkronies besien

5.1.5.4 Kontekstueel besien

5.1.5.5 Struktuuranalities besien

5.1.5.6 Gevolgtrekking

5.2 Gevolgtrekking	119
5.3 Die vertaling	120
ADDENDUM	121
SUMMARY	123
BIBLIOGRAFIE	125

VOORWOORD

Langs hierdie weg wens die skrywer dank te betuig aan enkele persone en instansies:

1. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die geldelike toekenning wat ontvang is;
2. Mnr. P.P. Krüger vir die tikwerk en enkele taalwenke;
3. Mev. J.J. van Rensburg vir die taalkundige versorging;
4. Mnr. G.J.C. Jordaan vir waardevolle wenke;
5. Proff. J.H. Grobler en J.C. Coetzee vir hulle kosbare leiding en bystand met die samestelling en voltooiing van hierdie verhandeling.

Danksegging vir alles kom toe aan die Here. Mag hierdie studie in sy Woord tot sy eer wees.

Janse van Rensburg

J.J. Janse van Rensburg

POTCHEFSTROOM

1976

AFKORTINGS

- AV Authorized Version (1611)
- LXX Die Septuaginta
- TDNT Kittel, G. & Friedrich, G. Theological Dictionary
of the New Testament.
- TEV Good News for Modern Man; The New Testament in
Today's English Version.

INLEIDING

Johannes 1,5 lewer 'n vertaalprobleem.¹⁾ Die probleem sentreer rondom οὐ κατέλαβεν, die werkwoord van die tweede frase van vers vyf, 'n woord met 'n wye spektrum van betekenismoonlikhede. Verskillende betekenismoonlikhede word onderskeidelik deur verskillende Johannes-outeite as korrek aangedui.²⁾ Ten minste drie van hierdie betekenismoonlikhede het al vergestaltung gevind in amptelike vertalings.³⁾ Dat Johannes 1,5 'n vertaalprobleem lewer, behoeft geen verdere voorbeelde nie.

Die oogmerk van hierdie verhandeling is om die betekenis van οὐ κατέλαβεν in Johannes 1,5 vas te stel en in die lig van die bevinding 'n verantwoorde vertaling van Johannes 1,5 voor te stel.

By die vasstelling van die betekenis van οὐ κατέλαβεν in Johannes 1,5 word in hierdie verhandeling sowel die uiterstes van die etimologiese metode, as die uiterstes van die redevoeringsanalise-metode vermy. Dit is onnodig om in hierdie studie betrokke te raak by die stryd wat daar

- 1) Vergelyk J.P. Louw (1965, p.47).
- 2) Om maar enkele te noem: J.C. Coetzee (1975, p.35) - aanvaar; R.E. Brown (1966, p.8) - overcome; F.W. Gingrich (1943, p. 77) - beide understand en overwhelm; W.L. Newton (1939, p.160) - understand.
- 3) Afrikaans (1933) - oorweldig, Good News for Modern Man (1968) - put out; Afrikaans (1975) - aanvaar, Frans (1948) - recue; Statevertaling - begrepen, Engels (AV) - comprehend.

heers oor die beginsels van die taalfilosofie, want die verskillende benaderingsmetodes lewer dieselfde resultaat met betrekking tot die betekenis van οὐ κατέλαβεν.

Vir die doel van hierdie studie word die geskiedenis van die gebruik van die verskillende betekenismoonlikhede van die betrokke woord, sowel as die woorde wat daarmee in verband staan, sinkronies sowel as diakronies, nagegaan; die kontekstuele gebruik van die betrokke woord, sowel as die woorde wat daarmee saamhang, word nagegaan; 'n struktuur= analise word van die betrokke perikoop gemaak en daar word vasgestel watter plek die betrokke woord binne hierdie perikoop beklee.

Aan die hand van die som van hierdie bevindings, word dan 'n vertaling van die betrokke gedeelte gemaak.

In hierdie verhandeling word onvoorwaardelik aanvaar dat die apostel Johannes, die lieflingsdiscipel van Jesus, die seun van Sebedeus hierdie evangelie geskryf het (Guthrie, 1974, p.264).

Die studie is onderneem met die uitgangspunt dat die skrywer van die Johannes-evangelie, wat ten doel het om sy lesers tot geloof in Christus as die Seun van God te bewoeg (vergelyk Johannes 20,31), nie woorde of uitdrukkings sou gebruik wat vir sy lesers vreemd of van onseker betekenis is nie. Eerder sou hy sy woorde só kies en gebruik dat die goddelike waarheid onverdraaid en onverbloemd daaruit spreek.

Hiermee word die beginsel van polisemie nie misken of ontken nie, maar word dit juis gehandhaaf. 'n Woord het 'n spesifieke

betekenis in 'n spesifieke konteks, maar dit kan nie los gesien word van die geskiedenis van die gebruik van hierdie woord nie. Johannes sou in stryd met sy selfverklaarde doel handel, indien hy 'n woord met 'n ander betekenis gebruik as waarmee dit by sy lesers algemeen bekend is.

Die geskiedenis van die woord se gebruik in die onderskeie tydperke, die gebruik van die woord in kontemporêre literatuur, die gebruik van die woord in die res van die Bybel, die gebruik van die woord in die betrokke boek van die Bybel, en die gebruik van die woord in die frase in die betrokke perikoop, is van belang. Al hierdie fasette moet in ag geneem word by die bepaling van die betekenis van die woord in die betrokke gedeelte.

Die feit dat God die skeppende Kunstenaar in sy Woord is, bring ook die vertaling van die Woord van God uit die wêreldtaak van destyds in perspektief. Die vertaler moet alle middele gebruik in 'n poging om vas te stel wat die outeur (onder inspirasie van die Heilige Gees) bedoel het met wat geskryf staan. Daarom kan dit nie anders dat ook die vertaler sy werk biddend doen nie, biddend dat die vertaling die goddelike waarheid steeds duidelik en onverdraaid sal verkondig.

HOOFSTUK 1

DIE BREËRE KONTEKS WAARBINNE JOHANNES 1,5 VOORKOM

1.1 Die Proloog binne die geheel van die evangelie

1.1.1 Die evangelie in geheel

Johannes beskryf in sy evangelie die sentrum van God se heilshandele met sy hele skepping: die koms en werk van God se Seun op aarde ter verlossing van die wêreld. Johannes beskryf hierdie gebeure retrospektief, dit is: met 'n terugblik (Wead, 1970, p.v). Daarom let hy veral op die globaal-boodskap. Hy gee 'n na-opstandings-bepaalde visie.

1.1.2 Die Proloog

Johannes se na-opstandings, retrospektiewe hoek van visie bring ook die Proloog in perspektief. Anders as die Sinoptici val Johannes nie weg met die begin van sy verhaal nie: sy verhaal begin eers by die negentiende vers van hoofstuk 1.

In die Proloog wil Johannes nie 'n bepaalde moment van die aardse lewe van die Here Jesus beskryf nie: dit is 'n inleiding tot die geheelboodskap van die boek. 'Die Proloog wil wees 'n pregnante sametrekking van die hele openbarings-historiese gebeure in Jesus se aardse lewe' (Coetzee, 1975, p.7).

1.1.3 Kanoniese aspekte

1.1.3.1 Die tyd van ontstaan

Daar is nie voldoende getuienis om te bewys dat die kerklike tradisie met betrekking tot die ontstaentyd van die geskrif, verkeerd is nie: Johannes het die boek in hoër ouderdom, tussen 85 en 95 n.C., in Efese geskryf (Guthrie, 1974, p.283).

J.C. Coetzee (1975, p.7) wys daarop dat hierdie feit nie sonder implikasie vir die eksegeese van die geskrif is nie. Johannes gee nie 'n haastige beskrywing van gebeurtenisse en indrukke nie; sy evangelie gee eerder 'n besonke getuienis aangaande die betekenis van Jesus se dae en woorde.

1.1.3.2 Die kultuurhistoriese situasie

Dit is van belang om op te merk dat die konkrete kultuurhistoriese situasie van die geadresseerdes grootliks verskil van die kultuurhistoriese situasie waarbinne die verhaal van hierdie evangelie oorspronklik plaasgevind het.

Die skrywer het die oorspronklike situasie beleef, met konsentrasie feitlik uitsluitlik op die jare 27 tot 30 n.C. Johannes ken egter ook die kultuurhistoriese situasie van die mense aan wie hy hierdie evangelie skryf. Tussen hierdie twee verskillende situasies vorm hy die brug.

1.1.3.3 Die doel van die skrywer met die geskrif as geheel¹⁾

Die skrywer stel sy doel uitdruklik in hoofstuk 20,30.31:

'Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. Maar hierdie wondertekens is beskrywe so= dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in Hom die lewe kan hê.' (1975-vertaling)

Johannes se doel is dus nie n volledige kroniek of krono= logiese biografie van Jesus se lewe nie, hoewel hy histo= riese gebeurtenisse beskryf.

Johannes se doel is geloof-wekking: hy wil sy lesers, wat klaarblyklik al van Jesus gehoor het, bring tot die ware geloof dat Jesus die Messias en die Seun van God is. Sy doel is ook lewe-brengend: deur sy lesers tot geloof te beweeg, wil Johannes hulle bring tot die ewige lewe wat in Jesus alleen is.

Hierdie evangelie is dus n tendens-geskrif: ongelowige of nog weifelende lesers moet beweeg word tot beslote aanvaarding van die waarheid in die heerlike wete dat, wie kom tot geloof in Jesus as die enige Messias, die lewe het in sy Naam.

1) Basies soos geformuleer deur J.C. Coetzee (1975, p.11).

1.1.4 Die verband met die Ou Testament

In die Johannes-evangelie word nie minder nie as een honderd nege en dertig keer aangehaal uit, of verwys na die Ou Testament (Vergelyk K. Aland, 1968, p.897 en verder). Die verspreiding onder die afsonderlike boeke is soos volg:

Genesis - 7, Eksodus - 7, Levitikus - 7, Numeri - 4, Deuteronomium - 17, Josua - 3, Samuel - 2, Konings - 1, Kronieke - 1, Esra - 2, Nehemia - 2, Job - 1, Psalms - 30, Spreuke - 5, Prediker - 1, Jesaja - 27, Jeremia - 3, Esegieël - 6, Daniël - 5, Miga - 3, Sefanja - 1, Sagaria - 3, Maleagi - 1.

Let daarop dat die meeste aanhalings en verwysings uit Deuteronomium (17), Psalms (30) en Jesaja (27) kom.

Verder dui verskeie kommentatore aan dat daar 'n baie besondere band tussen die Johannes-evangelie en die Ou Testament bestaan:

J.H. Bernard (1969, p.lxxix en verder) stel dit baie pertinent dat die evangeliëskrywer 'n Jood was.

C.H. Dodd (1972, p.74-96) dui aan hoedat Johannes hom telkens op die Ou Testament beroep, met die meerdere lig as Christus-gelowige, om standpunt in te neem teen die Rabbynse Judaïsme van sy tyd. Die kontras tussen die Tora en die mensgeworde Woord is byvoorbeeld een van die kardinale sake van dié evangelie. Nie die Tora nie, maar Christus is die Weg van die Lewe: die Tora is nie die goddelike Wysheid, die Lig van die wêreld, die Lewe vir die mense nie; die

goddelike Wysheid het in Jesus Christus mens geword, in Wie die volheid van genade en waarheid is (Vergelyk Johannes 1,14).

R.E. Brown (1966, p.1x) dui ook hierdie band met die Ou Testament aan. Hy skryf dat Johannes se verwysings na die Ou Testament baie subtiel is, maar dat die evangelie daarvan deurspek is.

Ch. de Baus (1973, p.31-33) konkludeer na 'n beredenering dat die skrywer van dié evangelie Hebreëus, Aramees en Grieks ken; Aramees was sy moedertaal, en Hebreëus die taal van die sinagoge. Grieks beheers hy baie goed, maar nie sonder dat die invloed van sy Aramese moedertaal deurskemer nie. Vergelyk ook in dié verband J.H. Moulton (1929, p.483 en verder).

P. Borgen (1972, p.121-4) trek ook bepaalde parallelle met die Ou Testament. Hy sê byvoorbeeld dat die styl van verses karakteristiek is van dié van die Ou Testament (onder andere Rigters 13,2). Hy vind genoeg grond om te sê dat die koms van die Tora-lig met Moses 'n model is vir die konsepsie van die koms van die Logos-lig in Johannes 1,9.¹⁾

C. van der Waal (1972, p. 33) dui die verhouding tussen die Johannes-evangelie en die Ou Testament pragtig aan. Hy kom tot die volgende slotsom: 'The whole gospel, then, shows us how the revelation of Christ wants to be acknowledged as the fulfilling of the Old Testament.' Met nie minder as

1) Vergelyk ook W.A. Meeks (1967) oor hierdie temp.

agtien aanhalings nie dui hy aan hoedat nie alleen die eks= plesiete aanhalings uit die Ou Testament nie, maar selfs die subtiële verwysings na die Ou Testament, hierdie evangelie verbind aan die Wet van Moses en die ander Skrifte.

1.1.5 Die samehang en eenheid van die evangelie en die Proloog

1.1.5.1 Algemeen

Die volgende breë struktuur-analise van die Johannes-evan= gelie (soos uitgewerk deur J.C. Coetzee, 1974, p.20) word vir die doeleindes van hierdie studie nagevolg:

Inleiding	-	1,1-51
Liggaam	-	2,1 - 20,31
Epiloog	-	21,1-25
Appendiks	-	7,53-8,11

1.1.5.2 Johannes 1,1-51 - die Inleiding tot die boek

Soos uit die voorafgaande struktuur-analise blyk, vorm die Proloog (1,1-18) deel van die Inleiding. Van hierdie In= leiding sê J.C. Coetzee (1975, p.11): 'Hiermee bedoel ons dat dit werklik 'n inleiding tot die liggaam van die boek is, en geen aanplaksel of latere toevoeging of 'n blote voorwoord nie.'

Hierdie Inleiding is onmiskenbaar tweeledig:

- 1) Die eerste agtien verse is n inleidende kompendium, dit wil sê: n kort, gedronge sametrekking van die sentrale motiewe en boodskap van die geskrif in sy geheel. Dit impliseer dat die Proloog grootliks belig word deur, en in sy berippe-samestelling verstaan moet word vanuit die hele boek. Verder impliseer dit dat die strekking en ontplooiing van die breed-opgesette evangelie bondig en skerp belyn word deur die gedagte-opbou van hierdie inleidende kompendium.

Barrett (1966, p.131) stel dit so: 'The prologue claims no more than the rest of the gospel, but sets first in a cosmological aspect what later will appear in a soteriological.'

Ook M.H. Shepherd (1971, p.707) is van mening dat die Proloog n opsomming gee van die temas wat in die res van die evangelie verhaal word: Jesus die Christus is die handelende Persoon van die Nuwe Skepping (Johannes 1 en 2); Hy is die Lewe van die wêreld (Johannes 3 tot 6); en die Lig vir die wêreld (Johannes 7 tot 9)¹⁾, verwerp deur sy eie mense (Johannes 10 tot 12), maar erken deur almal wat in Hom glo (Johannes 13 tot 20).

- 2) Vers negentien tot een en vyftig (die res van Johannes 1) is n historiese inleiding tot die liggaam van die
- 1) Johannes 7 tot 9 is primêr n uitbouing van die tweede strofe van die Proloog en nie van vers vyf nie.

evangelie, dit is: tot die tekens-en-woorde van die handelende Messias.

1.1.5.3 Gevolgtrakking

Alhoewel die onlosmaaklike samhang en eenheid van die Proloog met die res van die evangelie duidelik blyk, lyk dit asof Johannes, nadat hy sy evangelie klaar geskryf het, die Proloog as 'n inleiding tot sy boek geskryf het.

Hoe dit ook al sy - in hierdie verhandeling word onvoorwaardelik aangeneem dat die skrywer van die res van die evangelie ook die Proloog geskryf het. Hierin word die standpunt van onder andere L. Morris (1973, p.71) onderskryf.

1.2 Johannes 1,5 binne die geheel van die Proloog

1.2.1 Inleiding

1.2.1.1 Die vorm en inhoud van die Proloog

Die skrywer van die Johannes-evangelie het na alle waarskynlikheid Aramees as moedertaal gehad, en Hebreeus as godsdienstige taal. Daarby moes hy baie goed onderlê wees in die Grieks van sy tyd. Alreeds dit maak die Grieks van die Johannes-evangelie besonder:

Die feit dat Aramees sy moedertaal is, behoort deur te skemer;

Sy diepe kennis en beleving van die Ou Testament sal blyk uit sy geskrif;

Sy grondige en diepgaande kennis van Grieks sal blyk uit die artistieke vormgewing van sy boodskap.

Dit is egter veral die inhoud wat ten opsigte van die uniekheid van die Grieks van die Proloog (en die hele Johannes-evangelie) die grootste rol speel. Die vorm is onderworpe aan die inhoud, en hierdie inhoud is op sigself die ontroerendste en verbasingwekkendste, die heiligste en waaragtigste wat nog ooit in 'n boek beskryf is.

Aan hierdie inhoud het Johannes onder die inspirasie van die Heilige Gees op 'n besondere wyse vorm gegee in Grieks: ongekunsteld met sy onopsetlike en daardeur roerende eenvoud. Dit wil nie in die eerste plek behaag nie (wat dit per slot van rekening tog uitmuntend doen), maar dit wil ondubbel-sinniglik en duidelik uiting gee aan die goddelike waarheid, en die leser oortuig van hierdie waarheid.

Die Gees van God is die skeppende Kunstenaar in sy Woord – dit is dus in die eerste plek die Gees van God wat sowel die vorm as die inhoud van die Proloog tot stand laat kom het.

1.2.1.2 Die goddelike oorvloed in die Bybel

Johannes besing in die Proloog die mensgeworde Woord. As sodanig is sy geskrif (en ook al die boeke van die Bybel)

die Skrifgeworde Woord van God. B. Wielenga (1939) dui aan hoedat daar met betrekking tot die vormgewing van hierdie Skrifgeworde Woord sprake is van 'n besondere literêre skoonheid.

God het aan ons die Evangelie geskenk in 'n taal gespeen van die veelvormige weelde van letterkundige skoonheid. Waarop dit egter in die Bybel aankom, naamlik om die sonder die weg na die redding aan te toon, kon God in enkele strakke woorde laat opteken het.

Neem as voorbeeld die Heidelbergse Kategismus: dit is maar enkele bladsye, maar tog staan daar alles in wat die mens nodig het om getroos te lewe en te sterwe. So ook die Apostolikus: hierin word die wesenlike inhoud van die Evangelie selfs nog korter - maar steeds onvermink - voorgestel.

Hierdie belydenisse is egter slegs skamele simbole van die Skrifgeworde Woord van God; die twee Testamente, die ses en dertig boeke (wat elkeen 'n eie sket van openbaring verteenwoordig), die honderde bladsye - ja, dit alles getuig reeds van die oorvloed van God!

In die boek Jesaja sê God: 'By wie sal julle my dan vergelyk dat Ek net so kan wees?' (40,25). Hierdie onvergeelykbare heilige God het uit sy volheid die Bybel aan ons gegee as sy Skrifgeworde Woord. In hierdie Boek bruis die strome van die lewe in hulle oorvloed en straal die lig van die lewe uitbundig!

Ook op die Johannes-evangelie het dit betrekking, en dan veral op die Proloog. Dit sou beredeneer kon word dat die Proloog oorbodig is, dat dit niks toevoeg tot die boodskap van die evangelie nie, dat dit net sowel weggelaat kon word.

God het dit egter juis só gewil, sodat dit uit die staanspoor bekend sou wees dat die verlossing 'n daad van ewige welbehag is, en dat die motief van die Bybelse openbaring God se eie verheerliking is.

Om hierdie rede is die Bybel nie alleen maar 'n sobere, streng noodsaaklike mededeling van dit wat geweet moet word tot vertroosting en redding nie, maar dit is ook 'n uitstorting van wysheid, waarheid, goedheid en skoonheid, waarvan onder andere die Proloog so besonderlik getuig.

Daarom is die eerste agtien verse van die Johannes-evangelie seker van die pragtigste literêre gedeeltes wat bestaan. Dit wek die indruk van die verhewendheid van die styl waarin Johannes skryf.¹⁾ Opnuut besef 'n mens dat ook (en veral) hier Johannes besonderlik geïnspireerd skryf.

- 1) Alhoewel die styl van Johannes in die Proloog meer poëties is, en in die res van die evangelie meer prosaïes, moet hierdie onderskeid nie vanuit die gebruikelike westerse betekenisinhoud van poësie en prosa gemaak word nie. Die verhewendheid van Johannes se styl lê juis daarin dat ook die sg. prosaïese gedeeltes van sy evangelie 'n baie prominente poëtiese ondertoon het. Bybelse prosa en poësie vorm dus nie in die eerste plek 'n teenstelling nie; die een sluit die ander nie noodwendig uit nie.

J.C. Coetzee (1975, p.10) kan dus tereg die volgende stelling maak: 'Ons het in die Proloog 'n integrale verbinding van prosa en poësie wat albei wesenlik openbaringshistories bepaald is. In sy geheel is die Proloog een stuk verhewe meditatiewe poësie of poëtiese prosa.' ¹⁾

Die fyn poëtiese vormgewing en woordspel, en ook die prosaïes-noukeurige gedagte-opbou van die Proloog word in hoofstuk 4 van hierdie verhandeling nader uitgewerk.

1.2.2 Die bou van die Proloog

Die gevolgtrekkings van hoofstukke 2 en 3 van hierdie verhandeling is belangrik vir die analise van die struktuur van die Proloog. Daarom word die bou van die Proloog in hoofstuk 4 uitgewerk.

1.2.3 Die ontstaan, inhoud en eenheid van die Proloog

1.2.3.1 Die omvang van die Proloog

Soos hierbo (1.1.5, p.10) beredeneer is, vorm die evangelie en die Proloog 'n eenheid en is daar 'n bepaalde samehang. Hierdie eerste agtien verse van Johannes 1 is egter ootmoetlik te onderskei van dit wat vanaf vers negentien verhael

- 1) Vergelyk ook B. Wielenga (1939, p.214) vir 'n nader uitwerking van die verhouding tussen prosa en poësie in die Bybel.

word. Vanaf vers negentien is die verhaaltrant duidelik opmerkbaar. 'Hoofstuk 1,1-18 is in sy hele opset, aard en aanbieding meditatief-poëties' (Coetzee, 1975, p.8).¹⁾

Die Proloog bestaan uit hierdie eerste agtien verse.

1.2.3.2 Die ontstaan van die Proloog

1.2.3.2.1 Die sogenaamde Logoslied-teorie

Die sterk meditatief-poëtiese aard en opset van die Proloog het daartoe aanleiding gegee dat talle kommentatore die ontstaan van die Proloog koppel aan 'n bestaande logoslied wat in 'n verwerkte vorm in gebruik geraak het as die Proloog van die Johannes-evangelie.

Hierdie logoslied-teorie word met geringe onderlinge verskille onder andere onderskryf deur: R.E. Brown (1966, p.1: 'An early Christian hymn, probably stemming from Johannine circles, which has been adapted to serve as an overture to the gospel narrative of the career of the incarnate Word.'), R. Bultmann (1950, p.1-5), Käsemann (1968, p.155 en verder), Schnackenburg (1967, p.197-207), E. Haenchen (1963, p. 325) en J.C. O'Neill (1969, p. 41-2).

1) Vergelyk voetnota 1 op p.15 oor die gebruik van die terme poëties en prosaïes.

1.2.3.2.2 Die apologetiese motief

Sekere teoloog, waaronder C.H. Dodd (1972, p.296), huldig die standpunt dat die skrywer van die evangelie hierdie inleidende tot sy evangelie skryf om sekere groepe mense buite die Judaïsme, byvoorbeeld dié onder invloed van die Griekse Hermetisme, daarmee ontvanklik te stem vir die Evangelie. Volgens hierdie standpunt sou die skrywer van die evangelie juis begrippe soos λόγος uit die gedagte-wêreld van sy vermeende lesers kies.

Dit is egter nie korrek dat Johannes in die eerste plek 'n apologetiese motief openbaar deur byvoorbeeld 'n woord soos λόγος te kies nie. Hy wil juis aantoon hoedat die mite, ook in verband met die λόγος, 'n vervalsing van die openbaringswaarhede is (Grobler, 1967, p.97). Johannes wil inderwaarheid sê: Hier het julle nou die eintlike Logos, die verklaringsgrond van alles, naamlik Jesus Christus.

Indien aangeneem sou word dat die begrip Logos uit 'n vroeër-bestaande lied geneem is, of daarmee geïdentifiseer is soos Dodd wil, dan sou die naam Logos nie verklaar kon word as een wat uit die Evangelie voortkom nie, maar sal dit juis gesien word as 'n begrip wat daar ingedra is.

Deur Christus die Logos te noem, gryp Johannes nie na 'n ere-naam uit 'n ander wêreld nie. Hy identifiseer Hom ook nie met 'n elders bekende figuur of begrip nie. Dit is nie begrippe-materiaal wat hy leen uit 'n ander godsdiensige wêreld nie, maar die keuse van hierdie woord is die

resultaat van die aanskoue van die heerlikheid van God in Christus.

Ook J.C. Goetzee (1975, p.9) huldig hierdie standpunt. In verband met vers agtien van die Proloog sê hy: 'Jesus Christus is die groot, enige Bekendsteller van die onsienlike God aan ons. Hoe moet hy (Johannes) dit onder 'n noemer bring? - deur Hom te noem God se Logos, dit is: die bekendstellende Sprake van God.'

Die Proloog is dus nie in die eerste plek apologeties van aard nie. Die evangelieskrywer skryf die Proloog as 'n kompendium van die evangelie, feitlik 'n inhoudsopgawe, maar tog veel meer as dit. G.C. Morgan (Morris, 1973, p.71) stel dit so:

'It is far more than a preface. In these eighteen verses we have an explanation of everything that follows from the nineteenth verse of chapter one, to the twenty-ninth verse of chapter twenty. All that follows is intended to prove the accuracy of the things declared in the first eighteen verses ... it is a summation; everything is found in those first eighteen verses. '

1.2.3.2.3 Die standpunt van H.N. Ridderbos

Ridderbos (1968, p.52) weerlê die standpunte van Harnack, Dodd, Bultmann en Schnackenburg. Daarteenoor stel hy ener= syds die uniekheid van die Proloog, en dat Johannes nie woor= de soos λόγος uit bestaande milieu's leen om groter draag= krag daaraan te gee nie; andersyds dat die Proloog 'n ware inleiding tot die evangelie is. Hy vra: 'Is er een meer

israëlitische inzet van de evangelie te bedenken als in de beginne?'

In hierdie verhandeling word dié standpunt onderskryf. Jesus Christus is die onderwerp van die evangelie én die Proloog; die Logos is die predikaat en nie omgekeerd nie.

1.2.3.2.4 Die oorspronklike omvang van die Proloog.

E. Käsemann (1968, p.161) huldig die standpunt dat vers ses tot agt 'n parentese is; hy koppel dus vers vyf en nege direk. H.C. Green (1954/5, p.212-3) het egter weer 'n ander beskouing hieroor: vers ses tot nege, twaalf en dertien, veertien- en sestien en sewentien beskou hy as latere byvoegings. E. Haenchen (1963, p.325) huldig weer die standpunt dat vers ses tot agt en twaalf tot dertien ingevoeg is.

J.C. O'Neill (1969, p.20) gaan van die volgende veronderstelling uit: '... the present text of the prologue to the fourth gospel contains words that were added after the evangelist had finished his work, and incorporates a source that the evangelist had taken over and adapted to his own purpose'

Hierdie standpunt word onderskryf deur 'n indrukwekkende aantal Nuwe Testamentici. Ook J.A.T. Robinson (1962/3, p.125) kan hierby genoem word. Daar is egter baie min eenstemmigheid oor watter dele van die Proloog aan die oorspronklike bron ontleen is, watter deur die evangelieskrywer self by die sogenaamde bestaande lied gevoeg is, en watter bygevoeg is

deur latere oorskrywers van die evangelie.

Die postulering van die sogenaamde Logoslied (-himne) as die bron waaruit die Proloog ontstaan het, berus op niks meer as 'n hipotese nie. Die rekonstruksie van hierdie hipotetiese bron kan dus nooit verder kom as subjektiewe spekulاسie nie; ook uit die uiteenlopendheid van standpunte hierbo aangehaal, blyk dit. Met al hierdie uiteenlopende, onbewese hipoteses in aanmerking geneem, moet tot die konklusie gekom word dat al agtien verse saam die Proloog vorm soos dit aanvanklik deur Johannes geskryf is.

Dit is wel so dat sekere gedeeltes meer prosaïes en ander weer meer poëties voorkom. So is vers ses tot agt en vyftien ongetwyfeld meer prosaïes. Vanuit die onderskeiding tussen poësie en prosa in die Proloog is dit nie logies-noodwendig af te lei dat die evangelieskrywer nie die outeur van die geheel is nie.¹⁾

J.C. Coetzee (1975, p.10) dui dan ook aan dat dit 'opvallend is dat die Proloog poëties is solank dit Jesus, die Woord, self as onderwerp het. Sodra die onderwerp verskuif na 'n mens of mense, verloor die Proloog sy himniese karakter en word dit meer prosaïes.' So is vers ses tot agt, waarin Johannes die Doper die onderwerp is, vers twaalf-b en dertien, waar die gelowiges die onderwerp is, en vers vyftien, waar weer Johannes die Doper die onderwerp is, meer prosaïes.

1) Vergelyk ook p.15, voetnota 1.

'Wou Johannes nie daarmee op die mees plastiese wyse sê:
Ek wil sing van Jesus Christus en nie van mense nie?'
(Coetzee, 1975, p.10).

1.2.4 Gevolgtrekking

Uit bostaande blyk die verhouding van Johannes se styl opnuut. Al meer kom n mens onder die indruk daarvan dat hy die inhoud van sy evangelie as't ware in n neutedop saamvat en aanbied in die Proloog.

Alleen iemand wat intens en suiwer voel wat hy dink, en daarby n kunstenaarshart het wat deur die Gees van God in werking gestel word, is in staat om met hierdie enkele, eenvoudige woorde n lied van sodanige artistieke vorm en geestelike inhoud te skep.

Lange (1971, p.51) tipeer dit so:

'The prologue is a condensed statement of the results of John's contemplation and experience as a faithful witness of the life and work of Christ on earth, and furnishes the key that unlocks the true meaning of the following narrative. It contains the theme and leading ideas of the gospel, the eternal substratum, as it were, of the temporal history of Jesus, and creates the impression that in approaching the gospel history, the reader treads on holy ground. ... We have here brought together the characteristic features of the fourth gospel - its simplicity, sublimity, depth and ideality.

'... Every sentence, every word is pregnant with meaning and furnishes inexhaustible material for meditation and reflection.'

So kwalifiseer die Proloog die inhoud van wat vervolgens ver=haal gaan word aangaande die aanskouing van die heerlijkheid (vers veertien) van Hom wat by God was (vers een), ja - self God is!

En dit alles - 'sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in Hom die lewe kan hê.' (Johannes 20,31)

HOOFSTUK 2

DIE BETEKENISVELD VAN ΛΑΜΒΑΝΕΙΝ, ΠΑΡΑΛΑΜΒΑΝΕΙΝ EN ΚΑΤΑΛΑΜΒΑΝΕΙΝ

2.1 Inleiding

Καταλαμβάνειν word slegs een keer in die Proloog gebruik, naamlik in vers vyf. Twee ander vorme van hierdie werkwoord kom egter ook in die Proloog voor, naamlik παραλαμβάνειν in vers elf, en λαμβάνειν in vers twaalf en vers sestien.

Dit is noodsaaklik om al drie hierdie werkwoorde se betekenismoontlikhede na te gaan, enersyds vanweë die gemeenskaplike stam van die drie werkwoorde, en andersyds omdat die werkwoorde binne die strukturele opset van die Proloog baie nou verbonde is. (Vergelyk hoofstuk 4 van hierdie verhandeling.)

Hieronder word eerstens die betekenismoontlikhede van die enkelvoudige werkwoord aangedui, en daarna dié van die samestellings daarvan wat ook in die Proloog voorkom. Hierna word die betekenismoontlikhede van die drie werkwoorde vergelyk.

2.2 Λαμβάνειν

2.2.1 Betekenismoontlikhede in die klassieke en hellenistiese Grieks

Liddell en Scott (1961, p.818) dui twee basiese betekenis-
moontlikhede aan in die aktief en passief:

1. neem, dit is: 'n aktiewe handeling: vat, gryp;
2. ontvang, verkry, dit is: 'n meer passiewe gebeure.

In die medium beteken dit gryp, n houvas kry op, besit kry
van.

2.2.1.1 Die betekenismoontlikheid neem

Wanneer λαμβάνειν die betekenis neem het, is die onder-
werp aktief-handelend; dit dui op die aktiewe neem, deur
die inisiatief in besit bring.

In die algemeen is 'n persoon die onderwerp; die voorwerp
is 'n persoon of 'n ding. Die werkwoord kom ook voor met
'n abstrakte voorwerp, byvoorbeeld αἵρεσιν λαμβάνειν
(Plato. Faidra, 73c). Dit het ook die betekenis insamel,
byvoorbeeld van belasting, en μετὰ φόβου of φόβος as on-
derwerp.

2.2.1.2 Die betekenismoontlikheid ontvang

Die betrokke werkwoord word ook só gebruik dat die onder-
werp minder aktief is. Dit dui dan meer op 'n passiewe
ontvang as 'n aktiewe neem.

Dit het hierdie betekenis wanneer dit letterlik (μισθούς) sowel as figuurlik (δόξαν, τιμήν) gebruik word. Reeds in die klassieke Grieks word dit in godsdienstige stellings gebruik en wel só dat dit in die negatief dui op die selfgenoegsaamheid van 'n (af-)god: aangesien hy in elk geval alles besit, hoef hy niks te ontvang nie; hy kan dit neem.

2.2.1.3 In die medium

Die woord het dikwels die betekenis gryp en vashou, besit kry van, neem (en jou eiendom maak).

2.2.2 In die Nuwe Testament

λαμβάνειν word twee honderd ses en sestig keer in die Nuwe Testament gebruik (Moulton en Geden, 1974, p.578). Die aantal kere wat dit in die onderskeie boeke voorkom is:

Matteus - vyf en vyftig, Markus - twintig, Lukas - drie en twintig, Johannes-evangelie - ses en veertig, Handelinge - dertig, Paulus se briewe - dertig, Hebreërs - sestig, Johannes se briewe - ses, ander algemene sendbriewe - nege, en Openbaring - twee en twintig.

2.2.2.1 Die betekenismoontlikheid neem:

Dit het betreklik algemeen die betekenis soos beskryf onder 2.2.1.1 in die verhalende stof van die Nuwe Testament:

met 'n abstrakte voorwerp, byvoorbeeld Hebreërs 11,29 -
πειραν λαβόντες;
met ἔκστασις (Lukas 5,26) en πειρασμός (I Korin-
tiërs 10,13 as onderwerp.

Dit word ook gebruik vir die insameling van belasting of
huurgeld (Hebreërs 7,8; Matteus 17,24; Markus 12,2; Han-
delinge 17,9).

Verder het die woord ook die betekenis opneem, aanvaar,
dit is: om iets te aanvaar vir wat dit is, dit jou eie te
maak en jou godsdienstige lewe volgens die eise daarvan in
te rig (vergelyk 2.2.3 hieronder vir 'n verdere uitbouing
hiervan).

2.2.2.2 Die betekenismoontlikheid ontvang

Soos hierbo aangedui (2.2.1.2) word λαμβάνειν ook so
gebruik dat dit dui op 'n meer passiewe ontvang.

Λαμβάνειν het in die Nuwe Testament veral dié betekenis
in teologies-relevante stellings. Uit hierdie gebruik van
λαμβάνειν word dit duidelik dat God die Gewer is, en die
mens die ontvanger. Die basiese beginsel is: τί δε ἔχεις,
ὃ οὐκ ἔλαβες; (I Korintiërs 4,7). God is die al-
genoegsame Gewer, die mens die onverdienende en onverdien-
stelike ontvanger. So bepaal die ontvangs van die Heilige
Gees uiteindelik of 'n mens 'n Christus-gelowige is al dan
nie (onder andere: Handlinge 10,47; 19,2).

2.2.3 In die Johannes-evangelie

Johannes gebruik λαμβάνειν ses en veertig keer in sy evangelie met drieërlei betekenismoontlikhede:

2.2.3.1 Die betekenismoontlikheid (passiewe) ontvang, kry

Λαμβάνειν het sewe keer die betekenis ontvang, kry: 1,16; 4,36; 6,7; 7,23.39; 16,24; 20,22. Vyf hiervan het 'n baie duidelike en direkte godsdienstige ondertoon: God is telkens as't ware die Gewer, die Een wat die mens laat ontvang.

Hoofstuk 20,22 is 'n tipiese voorbeeld: '... en (Hy) sê vir hulle: ontvang die Heilige Gees.'

2.2.3.2 Die betekenismoontlikheid (aktiewe) neem, vat

Λαμβάνειν het twee en twintig keer die betekenis neem, vat: 6,11.21; 10,17.18a.18b; 12,3.13; 13,4.12.26.30; 16,14.15; 18,3.31; 19,1.6.23.27.30.40; 21,13.

Hoofstuk 6,11 is 'n tipiese voorbeeld: 'En Jesus het die brode geneem'

2.2.3.3 Die betekenismoontlikheid aanneem (vir wat Hy is),
aanvaar, ontvang

Λαμβάνειν het sewentien keer die betekenis aanneem, aanvaar,
ontvang: 1,12; 3,11.27.32.33; 5,34.41.43a.43b.44; 12,48;
13,20 (vier keer), 14,17; 17,8. Die werkwoord dui in hier=
die gevalle op 'n aanneem van iemand of iets vir wat hy is,
bevoorbeeld van Jesus as die Christus van God (5,43). So dui
dit ook op die aanneem van die getuienis van Jesus (3,11.32;
12,48; 17,8); die aanneem van Jesus se boodskappers (13,20)
Die aanneem van Christus beteken dat God aangeneem word
(13,20).¹⁾

2.2.3.4 Opsommend

Van die ses en veertig keer wat λαμβάνειν in die Johannes=
evangelie voorkom, het dit sewe keer die betekenis ontvang
(dit is: 'n passiewe ontvang), sewentien keer aanneem, en
twee en twintig keer (letterlike) neem, vat.

2.2.4 In die Proloog

In die Proloog word λαμβάνειν gebruik in vers twaalf en
vers sestig.

1) Die Afrikaanse vertaling (1933) vertaal elf keer met
aanneem; die res (13,20; 14,17; 17,8) met ontvang.

Soos uit die klassifikasie hierbo (2.2.3.3) blyk, het λαμβάνειν in vers twaalf die betekenis aanneem. Die Afrikaanse vertaling (1933) vertaal hierdie vers dan ook soos volg: 'Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo.'

Die klassifikasie laat verder blyk (2.2.3.1) dat λαμβάνειν in vers sestien die betekenis ontvang het; baie duidelik word God as die Gewer veronderstel. Die Afrikaanse vertaling (1933) lui soos volg: '... en uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade.'

2.3 Παραλαμβάνειν

2.3.1 Die klassieke en hellenistiese gebruik

Die betekenismoontlikhede van hierdie saamgestelde werkwoord is baie nou verwant aan dié van die enkelvoudige werkwoord. Basies beteken παραλαμβάνειν orneem, vir jouself neem.

Met 'n persoon as voorwerp het dit die betekenis van so 'n persoon meeneem, beide letterlik en figuurlik. Met iets anders as voorwerp beteken dit byvoorbeeld 'n amp (priesteramp) orneem, en veral om te ontvang (feitlik in die sin van erf) met betrekking tot intellektuele goedere, sowel historiese as wetenskaplike. Die een geslag ontvang dus die intellektuele (en ander) goedere van die vorige geslag.

So byvoorbeeld word die verhouding tussen 'n leerling en sy leermeester deur Plato (Theait. 198b) gedefinieer as dié tussen τὸ παραλαμβάνων en ὁ παραδιδούς.¹⁾

Verder is παραλαμβάνειν 'n tegniese term vir die aanvaarding en aanname van die mite en ander fasette van die rites en geheime handeling en leringe van die Misterie-godsdienste (So byvoorbeeld die Mithraïese en Eleusiese misterie-godsdienste).²⁾

- 1) Die gebruik van παραλαμβάνειν in verhouding met ὁ παραδιδούς stam heelwaarskynlik uit die tyd toe daar van betreklik min geskrewe onderrig gebruik gemaak is, maar waarin mondelikse onderrig die grootste rol gespeel het in die oordrag van kennis. Ook in die tydperk van die Hellenisme was die onderrig gebaseer op die direkte oordrag van die leermeester na sy leerling. Die gesaghebbendheid van die stof word dan ook nie soseer bepaal deur die inhoud daarvan nie, maar in die eerste plek deur die persoonlikheid van die leermeester. Dit vereis 'n bepaalde vertrouensverhouding van die kant van die παραλαμβάνων. In sy leermeester vind hy absolute outoriteit. Veral ten opsigte van algemeen aanvaarde leerstellings is blinde vertroue in sy leermeester van die παραλαμβάνων verwag. Met die verwatering van hierdie vorm van Griekse opvoedkunde het ook bogenoemde verhouding tussen leermeester en παραλαμβάνων verander.
- 2) Die analogie met die Nuwe-Testamentiese gebruik van hierdie woord is nie in alle opsigte deur te trek nie: by die misterie-godsdienste het die woord betrekking op 'n streng geheim, maar die Christelike μυστήριον is die Evangelie (Efesiërs 6,19), wat aan die hele wêreld verkondig moet word (Matteus 10,27).

2.3.2 Judaïsme

In die Griekse wêreld is die verhouding tussen leerling en leermeester hoofsaaklik bepaal deur die persoonlike vertroue wat die παραλαμβάνων in sy leermeester het. By die Judaïsme is dit egter anders gesteld: dit wat oorgedra word is die bindende faktor. So is die vertroue van die leerling nie soseer in sy leermeester as individu nie, maar in hom as draer van die tradisie, wat beide die Tora en die eksegete daarvan insluit.

In die LXX beteken παραλαμβάνειν neem vir (en: saam met) jouself. Dit het veral hierdie betekenis in die geskiedkundige boeke van die Ou Testament, en kom meestal voor met 'n persoon as voorwerp van die werkwoord. In enkele gevalle (met iets anders as voorwerp) beteken dit ook ontvang, verkry.

2.3.3 In die Nuwe Testament

2.3.3.1 Inleidend

Aangesien hierdie woord slegs drie keer in die Johannes-evangelie gebruik word, is dit nodig om die gebruik daarvan in die hele Nuwe Testament na te gaan. Ten slotte word Johannes se gebruik van dié woord hiermee vergelyk.

Παραλαμβάνειν word nege en veertig keer in die Nuwe Testament gebruik en wel met drie verskillende betekenismoontlikhede:

2.3.3.2 Die betekenismoontlikheid vir jouself neem, mee=neem

Παραλαμβάνειν het in die meeste gevalle die betekenis meeneem, vir jouself neem; dit kom slags in die evangelies en Handelingte so voor. Matteus gebruik dit sestien keer, waarvan die eerste twee is om die neem van 'n vrou aan te dui: 1,20.24; 2,13.14.20.21; 4,5.8; 12,45; 17,1; 18,16; 20,17; 24,40.41; 26,37; 27,27. Markus gebruik dit vyf keer: 4:36; 5,40; 9,2; 10,32; 14,33. Lukas gebruik dit ses keer, waarvan almal skynbaar aangehaal is uit Markus: 9,10.28; 11,26; 17,34.35; 18,31. In Handelingte word dit ses keer gebruik: 15,39; 16,33; 21,24.26.32; 23,18. In twee van die drie gevalle waar Johannes die woord gebruik, het dit hierdie betekenis: 14,3; 19,6.

Markus 9,2 is 'n tipiese voorbeeld: '... Jesus (het) vir Petrus en Jakobus en Johannes saamgeneem....'

2.3.3.3 Die betekenismoontlikheid (passiewe) ontvang

Παραλαμβάνειν het tien keer in die Nuwe Testament die betekenis ontvang. Hiervan word dit nege keer deur Paulus gebruik: I Korintiërs 11,23; 15,3; Galasiërs 1,9; Filippense 1,12; 4,9; Kolossense 4,17; I Tessaloniense 2,13; 4,1; II Tessaloniense 3,6; en een keer in die Hebreërbrief: 12,28.

'n Tipiese voorbeeld is I Korintiërs 11,23: 'Want ek het van die Here ontvang, wat ek ook aan julle oorgelewer het ...' en ook Galasiërs 1,9: 'As iemand julle 'n ewangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het'

In hierdie gebruik het παραλαμβάνειν feitlik 'n tegniese term geword vir die ontvangs van die Christelike tradisie in 'n vaste vorm. Dit dui egter nie soseer op die in-ontvangsneem van suiwer intellektuele goedere nie. Die hele wese van die mens is betrokke by hierdie παραλαμβάνειν, trouens, dit verander sy hele hartsingesteldheid.

Hierdie παραλαμβάνειν word teweeggebring deur God self.

2.3.3.4 Die betekenismoontlikheid aanneem (om te onderhou)

Die betekenis van παραλαμβάνειν as aanneem is baie nou verwant aan dié net hierbo behandel.

Παραλαμβάνειν word slegs vier keer (Markus 7,4; Johannes 1,11; I Korintiërs 15,1 en Kolossense 15,1) in die Nuwe Testament so gebruik. Die klem lê nie soseer op die ontvangs of aanname nie, maar op die feit dat die woord instemming en goedkeuring impliseer.

Vergelyk die volgende: '... en baie ander dinge is daar wat hulle aangeneem het om te onderhou (Markus 7,4); '... ek maak aan julle die Evangelie bekend, wat ek aan julle verkondig het, wat julle ook aangeneem het, waarin julle ook staan...' (I Korintiërs 15,1); en 'Soos julle dan Christus

Jesus, die Here aangeneem het, wandel so in Hom' (Kolossen= se 2,6). (Johannes 1,11 word hieronder toegelig.)

Dit is juis hierdie παραλαμβάνειν τὸν Χριστόν wat die hele hartsingesteldheid van die mens verander.

2.3.3.5 Opsommend

Παραλαμβάνειν word nege en veertig keer in die Nuwe Testament gebruik:

Vyf en dertig keer: vir jouself neem, meeneem;

Tien keer: passiewe ontvang, aanneem;

Vier keer: aanneem (om te onderhou).

2.3.4 In die Johannes-evangelie

2.3.4.1 Buite die Proloog

Buite die Proloog word παραλαμβάνειν slegs twee keer deur Johannes gebruik; telkens het dit die betekenis vir jouself neem, meeneem: 'En as Ek gegaan het en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na my toe neem, so= dat julle ook kan wees waar Ek is (14,3); 'Toe het hy Hom dan aan hulle oorgegee om gekruisig te word. En hulle het Jesus geneem en Hom weggelei (19,16).'

2.3.4.2 In die Proloog

In die Proloog (vers 11) het παραλαμβάνειν die betekenis aanneem. In die hele Nuwe Testament het παραλαμβάνειν slegs vier keer hierdie betekenis (vergelyk 2.3.3.4).

Die Afrikaanse vertaling (1933) lui soos volg: 'Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie'.

2.4 Καταλαμβάνειν

2.4.1 Betekenismoontlikhede buite die Johannes-evangelie

Die voorsetsel κατά versterk die betekenis van die enkelvoudige vorm van die werkwoord. Dit dui op 'n handeling van bo na onder, dit is: in geheel. Verder bring die voorsetsel ook 'n vyandige konnotasie mee. Moulton (1929, p.316) sê van κατά: 'In a good many of the verbs classed as perfective we could easily reach that sense through κατά = down, and in others by the "hostility" connotation....'

2.4.1.1 In die klassieke Grieks

Dit blyk dat vier onderskeibare betekenisemoontlikhede van καταλαμβάνειν in die klassieke Grieks gebruik word:

2.4.1.1.1 Die betekenismoontlikheid beset, oorweldig

Καταλαμβάνειν het baie dikwels die betekenis beset, oorweldig. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is die volgende: κατέλαβεν τὴν ἀκρόπολιν (Thukydides I,126). Καταλαμβάνειν word ook in die medium in hierdie verband gebruik, maar dit het dan die betekenis vir jouself neem, verkry, byvoorbeeld κατέλαβοντο τὰ πρήγματα (Herodotos 6,39) (Vergelyk Powell, 1960, p.187).

'n Abstrakte selfstandige naamwoord kan die onderwerp van καταλαμβάνειν wees. In sy Ilias skryf Homeros byvoorbeeld: τὸν δὲ κατ' ὅσσε ἔλλαβε ... θάνατος (5,83).¹⁾ By sekere van die latere skrywers is ook teëspoed of ongeluk die onderwerp: πένθεα μέγала τοὺς Αἰγυπτίους κατέλαβεν (Herodotos 2,66). So ook: ἀνήκεστον τι κατέλαβεν ἡμᾶς (Thukydides 4,20); συμφορὰ κατέλαβεν πόλιν (Euripides. Hippolytos 1161); κίνδυνος κατέλαβεν τινά (Demosthenes 259,7).

'n Element van verrassing is feitlik deurgaans te bespeur, en in daardie gevalle kan καταλαμβάνειν op Afrikaans goed weergegee word met oorval.

Καταλαμβάνειν het ook die betekenis beset, oorweldig in afgeleide sin, dit is: met die verstand oorweldig - begryp, verstaan. Dit word so in die medium gebruik: Dionysios Halikarnassensis 2,66.

1) Homeros gebruik καταλαμβάνειν altyd in tnesi (Autenrieth, 1931).

2.4.1.1.2 Die betekenismoontlikheid inhaal, betrap, uitvind, arresteer

Ook ten opsigte van hierdie gebruik van καταλαμβάνειν is die element van verrassing nie uitgesluit nie. Die volgende voorbeelde illustreer hierdie betekenis: κατέλαβεν τινὰ ζῶντα (Herodotos, 3,10); τὸν τοξότην ἥκοντα κατέλαβεν (Aristofanos, Thesmophoriazuses, 1209); ook met betrekking tot tyd: τῆς νυκτὸς καταλαβούσης (Diodoros Sikulos 20,86).¹⁾

2.4.1.1.3 Die betekenismoontlikheid vind, afkom op

Plato gebruik καταλαμβάνειν met die betekenis vind, afkom op: δεῦρο τ' ἐλθόντες κατειλήφαμεν αὐτὸ ... στίλβον (Faίdra, 250D); en: εἰσελθόντες οὖν κατελαμβάνομεν τὸν μὲν Σωκράτη ἄρτι λέλυμενον (Faίdo, 59E).

2.4.1.1.4 Die betekenismoontlikheid onder hou, vinger op die pols hou, beheer

Καταλαμβάνειν kan dui op die in bedwang hou van die mag van 'n persoon: κατέλαβεν αὐξανουμένην τὴν δύναμιν

1) Καταλαμβάνειν word ook onpersoonlik gebruik (soos die Attiese συμβαίνει) en beteken dan dit het gebeur, dit het gekom dat: τοῦτον κατέλαβε κεῖσθαι (Herodotos 2,152). Die deelwoord van hierdie werkwoord word ook selfstandig gebruik (τὰ καταλαβόντα) en beteken die gebeurlikhede, die omstandighede.

Κύρου (Herodotos 1,46). Ook ten opsigte van vuur het dit dieselfde betekenis: κατέλαβεν τὸ πῦρ (Herodotos 1,17).

In hierdie verband het καταλαμβάνειν ook die betekenis η einde maak aan, byvoorbeeld onenighede: κατέλαβεν δια-
φοράς (Herodotos 7,9:2).

Καταλαμβάνειν het ook die betekenis met η eed/wet bind
(soos die Latynse iureiurando adstringere): νόμοις καὶ
ἐθέσει κατειλημμένος (Aristoteles. Pol. 7,7:12).

2.4.1.2 In die LXX

2.4.1.2.1 Inleidend

Die nagaan van die gebruik van καταλαμβάνειν in die LXX is vir hierdie studie noodsaaklik om die volgende redes:

Die kanonieke boeke van die LXX lewer getuigenis van die gebruik van καταλαμβάνειν uit η tydperk (ongeveer 250 tot 120 v.C.) betreklik na aan die ontstaan van die Johannes-evangelie.

Die apokriewe boeke (I en II Makkabeërs byvoorbeeld) lewer getuigenis van die gebruik van die woord heelwaarskynlik so laat as die eerste eeu voor Christus. (Vergelyk Tenney, 1965, p.9 en verder).

Die LXX lewer ook η Grieks soos gebesig deur Jode. Selfs al was die vertalers nie meer Aramees-sprekende Jode nie, het hulle nogtans die vertaalwerk gedoen as Ou Testamentiese gelowiges.

2.4.1.2.2 Καταλαμβάνειν in die LXX

Καταλαμβάνειν word vier en sewentig keer in die kanoniese boeke gebruik, en ses en twintig keer in die Makkabeër-boeke. Dit is die vertaling van agtien verskillende Hebreuse woorde (die Makkabeër-boeke nie ingesluit nie):¹⁾

τηκ(1)	קל(1)	קצו(1)
קב(1)	קסו(6)	קפ pi. (2)
קנני. (1)	קנני. (1)	קכ af (1)
קנ קל (2); ה. (2)	קכ(1)	קל pi. (1)
קנני. (1)	קנני. (24)	קכ (2)
קל(19)	קכ(1)	קכ pi. (1)

Καταλαμβάνειν word met vyf verskillende betekenismoontlikhede gebruik, wat uit die aard van die saak aan mekaar verwant is, maar tog duidelik te onderskei.

2.4.1.2.3 Die betekenismoontlikheid inhaal

Καταλαμβάνειν het agt en twintig keer in die kanoniese en twee keer in die apokriewe boeke die betekenis inhaal.

Dit het sewe en twintig keer, waaronder die twee keer in die Makkabeër-boeke, n negatiewe (in enkele gevalle ook neu-

1) Die getal tussen hakies dui telkens die aantal kere aan wat die betrokke Hebreuse woord vertaal word met καταλαμβάνειν.

trale) betekenis; met ander woorde: inhaal met die doel om skade te berokken/ dood te maak/ te straf: Genesis 19,19; 31,23.25; 44,4; Eksodus 15,9; Levitikus 26,5a.5b; Deuteronomium 19,6; 28,15.45; Josua 2,5; Rigters 18,22; I Samuel 30,8; II Samuel 15,14; II Konings 25,5; Psalm 7,6; 17,38; 40,13; 69,25; Spreuke 2,19; Hosea 2,6 (2,9 in LXX); Amos 9,13; Sageria 1,6; Jereemia 42,16; 52,8; Klaagliedere 1,3; I Makkabeërs 2,32; 12,30. Vier keer is dit 'n vertaling van קָלַח (twee keer qal en twee keer hi), twintig keer van חָלַח hi, en een keer van חָלַל. 'n Tipiese voorbeeld is: ἵνα μὴ ὁ ἀγγλιστεύων τοῦ αἵματος ... καὶ καταλάβῃ αὐτόν ... καὶ ἀποθάνῃ (Deuteronomium 19,6).

Drie keer het dit 'n positiewe betekenis: vrede/geregtigheid sal julle inhaal, dus: oorval, oorweldig. Al drie keer kom dit voor in Jesaja (35,10; 51,11; 59,9) en is telkens die vertaling van חָלַח hi. Die Afrikaanse vertaling (1933) vertaal (uit die Hebreeus): 'Vreugde sal julle verkry' (35,10). (Vergelyk ook die laaste paragraaf van 2.4.1.2.4.2).

2.4.1.2.4 Die betekenisemoontlikheid beset, vang, oorweldig, inneem

In die kanonieke boeke het καταλαμβάνειν ses en dertig keer die betekenis beset, vang, oorweldig, inneem, en in die Makkabeër-boeke twee en twintig keer. By 'n fynere onderskeiding kan tweërlei groepe onderskei word:

2.4.1.2.4.1 Plek, vesting inneem, oorweldig

Καταλαμβάνειν het agtien keer in die kanonieke boeke en twintig keer in die Makkabeër-boeke die betekenis inneem, oorweldig: Numeri 21,32; Josua 8,19; 11,10; 19,47; Rigters 1,8; 7,24; 9,45; 9,50; II Samuel 5,7; 12,26.27.29; I Konings 9,16; II Konings 18,10; Nehemia 9,25; Spreuke 16,32; Jesaja 10,14; 20,1; I Makkabeërs 1,19.20; 5,27.28.30.35; 6,3.26.50.63; 10,1; 11,46.66; 13,43; 15,30; 16,20; II Makkabeërs 5,5; 8,18; 10,22; 12,16; 14,41. Sewentien keer is dit 'n vertaling van יָצַל , en een keer κισ. Jesaja 20,1 is 'n tipiese voorbeeld: ... καὶ ἐπολέμησεν τὴν "Ἀζωτον καὶ κατελάβετο αὐτήν

2.4.1.2.4.2 'n Mens oorweldig, vang, gryp

Καταλαμβάνειν het agtien keer in die kanonieke boeke en twee keer in die Makkabeërboeke die betekenis oorweldig, vang, gryp: Josua 10,19; Rigters 1,6; II Samuel 15,5; I Konings 18,44; II Kronieke 22,9; 25,23; 32,21; 33,21; Job 5,13; 34,24; Psalm 71,11; Spreuke 13,21; 11,27; Hosea 10,9; Jeremia 10,19; 51,34; II Makkabeërs 13,21; III Makkabeërs 2,9. Καταλαμβάνειν is die vertaling van verskeie Hebreeuse woorde, naamlik:

יָצַל(1)	שָׁנַח(2)	לָכַז(4)
קִיַּח(1)	לָכַז(1)	לָכַז(1)
יָצַל(3)	לָכַז(1)	לָכַז(1)

Daar is drie gevalle waar die oorspronklike twyfelagtig is, naamlik II Kronieke 32,21; Job 34,24 en Jeremia 51,34.

η Tipiese voorbeeld is: καὶ τὸν Ἀμασιαν κατέλαβεν Ἰωας (II Kronieke 25,23). Jeremia 51,34 is η interes=sante geval: κατέφαγεν με, ἐμερίσατο με, κατέλαβεν με σκότος λεπτόν (LXX - Jeremia 28,34).

Deurgaans is die betekenis negatief, behalwe in die geval van Spreuke 13,21: τοὺς δὲ δικαίους καταλήμμεται ἀγαθά. (Vergelyk die laaste paragraaf onder 2.4.1.2.3)

2.4.1.2.5 Die betekenismoontlikheid uitvind, aantref, betrap

Καταλαμβάνειν het sewe keer in die kanonieke boeke en een keer in die Makkabeër-boeke die betekenis uitvind, aantref, betrap: Numeri 32,23; Rigters 1,5, Spreuke 1,13; Obadja 1,6; Jesaja 37,8; Daniël 1,20; 6,12; II Makkabeërs 12,18.

Vyf keer is dit η vertaling van כָּסַף gal, een keer van נָחַץ ni, en een keer van נָחַשׁ. η Tipiese voorbeeld is: καὶ κατέλαβον τὸν Ἀδωνιβεζεκ ... (Rigters 1,5).

2.4.1.2.6 Die betekenismoontlikheid bereik, tegemootgaan

Καταλαμβάνειν het twee keer die betekenis bereik, tegemootgaan (Miga 6,6a,6b): ἐν τίνι καταλάβω τὸν κύριον. Dit is telkens η vertaling van - נָחַץ pi.

2.4.1.2.7 Twee verdere betekenismoontlikhede

Alhoewel die ondertoon hiervan oorweldig is, word dit tog nodig geag om die volgende twee tekste afsonderlik te noem:

II Kronieke 9,20: καὶ πάντα τὰ σκεύη ... χρυσίῳ κατειλημμένα (En al die voorwerpe was met goud beslaan/bedek).

I Makkabeërs 10,23: ... τοῦ φιλίαν καταλαβέσθαι τοῦς Ἰουδαίοις.¹⁾ (... met die doel om vriendskap met die Jode te sluit).

2.4.1.2.8 Opsommend

Καταλαμβάνειν word dus in die LXX met die volgende betekenismoontlikhede gebruik (Die getal tussen hakies dui die aantal kere aan wat καταλαμβάνειν die tersaaklike betekenis het):

Beset, oorweldig, vang, inneem (57);

Inhaal (30);

Betrap, uitvind, aantref (8);

Tegemoetgaan (2);

Soos genoem onder 2.4.1.2.7 hierbo.

Slegs in die geval van die betekenismoontlikheid tegemoetgaan (wat καταλαμβάνειν slegs twee uit die negen en negentig keer het) is die ondertoon van oorweldig nie so direk te bespeur nie.

- 1) Ook Thukydides gebruik καταλαμβάνειν eenmaal so: σπονδὰς εὖρον κατειλημμένας (5,21)

2.4.1.3 In die Nuwe Testament

2.4.1.3.1 Inleidend

Die gebruik van καταλαμβάνειν in Johannes 1,5 word op hierdie stadium nog buite rekening gelaat. Met Johannes 1,5 nie in aanmerking geneem nie, word καταλαμβάνειν veertien keer in die Nuwe Testament gebruik: Markus 9,18; Johannes 8,3.4.; 12,35; Handeling 4,13; 10,34; 25,35; Romeine 9,30; I Korintiërs 9,24; Efesiërs 3,18; Filippense 3,12a. 12b.13; I Tessalonisense 5,4. Twee hiervan, naamlik Johannes 8,3.4 kom voor in 'n gedeelte (Johannes 7,53 tot 8,11) wat op grond van tekskritiese getuienis en interne oorwegings nie as deel van die oorspronklike Johannes-evangelie beskou word nie. Tog word dit beskou as histories betroubaar en wel ingesluit in die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se teks van die Griekse Nuwe Testament (Aland, 1968) (Vergelyk ook Metzger, 1971, p.219-222.)

Καταλαμβάνειν word met die volgende vier basiese betekenismoohtlikhede in die Nuwe Testament gebruik:

2.4.1.3.2 Die betekenismoohtlikheid oorweldig

Καταλαμβάνειν het op drie plekke in die Nuwe Testament die betekenis oorweldig, dit is: onder jou beheer bring, aktief verkry (Markus 9,18; I Korintiërs 9,24; Filippense 3,12a.12b.13). Telkens word die aktief of die passief gebruik.

So word dit gebruik in Filippense 3,12.13: 'Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp (κατάλαβω), omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is (κατελήμφθην). Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie (κατειληθέναι).'

In I Korintiërs 9,24 word καταλαμβάνειν gebruik in die sin van aktief verkry: 'Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop dan s6 dat julle dit sekerlik kan behaal (dit is: verower) (καταλάβετε).' Dit is veel meer as n blote neem, in ontvangs neem; die ondertoon van oorweldig is duidelik te bespeur.

In Markus 9,18 word καταλαμβάνειν met n vyandige en negatiewe ondertoon gebruik: '... Meester, ek het my seun wat n stomme gees het, na U gebring; en waar hy hom ook aangryp (καταλάβη), skeur hy hom'

2.4.1.3.3 Die betekenismoontlikheid betrap, (onverhoeds) oorval

Καταλαμβάνειν het vier keer in die Nuwe Testament die betekenis betrap, oorval, telkens met n definitiewe ondertoon van oorweldig. Die aktief of die passief word gebruik.

In Johannes 8,3.4 het dit die betekenis betrap: 'En die skrifgeleerdes en die fariseërs het n vrou wat in egbreuk betrap was (κατειλημμένην) na Hom gebring. En toe hulle haar tussen hulle laat staan het, sê hulle vir Hom: Meester,

hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap (κατελή-
πται).'

In Johannes 12,35 het dit die betekenis (onverwags) oorval:
'En Jesus sê vir hulle: Nog 'n klein tydjie is die lig by
julle. Wandel solank as julle die lig het, sodat die duis-
ternis julle nie oorval (καταλάβη) nie.'

In I Tessalonisense 5,4 word καταλαμβάνειν ook so gebruik:
'Maar julle, broeders, is nie in die duisternis dat dié dag
julle soos 'n dief sou oorval (καταλάβη) nie.'

2.4.1.3.4 Die betekenismoontlikheid verstaan, begryp

Καταλαμβάνειν het vier keer in die Nuwe Testament die be-
tekenis verstaan, begryp (dit is: 'met die verstand' oorwel-
dig), naamlik: Handelingen 4,13; 10,34; 26,25) Efesiërs
3,18. Die medium word telkens gebruik en nie - soos in al
die ander gevalle in die Nuwe Testament - die aktief (of pas-
sief) nie.¹⁾ Telkens wanneer die medium dus gebruik word,
beteken dit verstaan, begryp.²⁾

Dit is merkwaardig dat drie van die vier keer wat καταλαμ-
βάνειν hierdie betekenis het, dit in Handelingen is:

- 1) Bultmann (TDNT I:692) wys daarop dat καταλαμβάνειν
hier dieselfde betekenis het as γινώσκειν, soos ook
κατάληψις en γνώσις ekwivalente vir mekaar is.
- 2) Ook Moulton (1959, p.328) toon hierdie tendens aan, ook
ten opsigte van die kontemporêre literatuur.

4,13 - 'En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan (καταλαμβάνειν) dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was ...'

10,34- 'En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien (καταλαμβάνωμαι) waarlik dat God geen aanne=mer van die persoon is nie.'

25,25- 'Maar omdat ek gevind het (κατέλαβον) dat hy niks gedoen het wat die dood verdien nie ...'

Die enigste ander plek waar καταλαμβάνειν hierdie beteke=nis het, is in Efesiërs 3,18: '... en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges te begryp (καταλαβέσθαι) wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is ...'

2.4.1.3.5 Die betekenis moontlikheid (passiewe) verkry, ont=vang

Slegs een keer het καταλαμβάνειν in die Nuwe Testament die betekenis verkry, ontvang, dit is: 'n passiewe in=ont=vangs=neem: 'Wat sal ons dan sê? Dat die heidene wat die geregtigheid nie nagejaag het nie, die geregtigheid verkry (κατέλαβεν) het ...' (Romeine 9,30).

2.4.1.3.5 Opsommend

Καταλαμβάνειν word dus soos volg in die Nuwe Testament gebruik (die getal tussen hakies dui die aantal kere aan wat καταλαμβάνειν die tersaaklike betekenis het):

Oorweldig (5);
Betrap, oorval (4);
Verstaan (4);
Verkry (1).

'n Bepaalde ondertoon van oorweldig is egter ook by betrap, oorval, en verstaan te onderskei. In die geval van betrap, oorval is Johannes 12,35 'n tipiese voorbeeld: '... sodat die duisternis julle nie oorval nie.' In die geval van verstaan, begryp is dit net so duidelik onderskeibaar: verstandelik of intellektueel oorweldig, gryp, dit is: begryp, verstaan, maar dan elke keer in die medium.

In die geval van verkry is die onderwerp egter meer passief, maar tog is die element van oorweldig, oorval nie heeltemaal op die agtergrond geskuif nie.¹⁾ Hierdie betekenis het heelwaarskynlik ontwikkel uit inhaal (positief gebruik) soos dit gebruik word in die LXX. In die bespreking daarvan word daarop gewys hoedat die Afrikaanse vertaling (1933) van die Ou Testament (In die geval van Jesaja 35,10 en 51,11) uit die Hebreeus vertaal met verkry (vergelyk 2.4.1.2.3. Vergelyk ook die laaste paragraaf onder 2.4.1.2.4.2).

2.4.1.4 In die Patristiese tydperk

2.4.1.4.1 Inleidend

Om die gebruik van καταλαμβάνειν in die Patristiese Grieks vas te stel, is hoofsaaklik gebruik gemaak van 'n leksikon saamgestel deur Lampe (1968).

1) So Delling (TWNT IV: 10).

Καταλαμβάνειν vertoon die volgende betekenismoontlikhede in hierdie tydperk:

2.4.1.4.2 Die betekenismoontlikheid gryp, besit kry van, beset, oorweldig

Hierdie gebruik van καταλαμβάνειν bly dominant. In die eerste plek beteken dit gryp, besit kry van, en hieruit voortvloeiend ontvang (met die doel om te besit of te hou) en dus aanvaar.

Καταλαμβάνειν word ook in hierdie verband gebruik om militêre beleg aan te dui, en ook vir die besetting van 'n landsgebied met die doel om daarin te vestig (dit beset, inneem). In die Oksyryngos-papiri (vi 939,5), wat dateer uit die vierde eeu na Christus, word die betekenis oorweldig gebruik met siekte as onderwerp: ὥστε τὴν κυρίαν ἀνασθήλαι ἐκ τῆς καταλαβούσης αὐτὴν νόσου.

Vergelyk ook die gebruik van καταλαμβάνειν in die langer einde van die Evangelie volgens Markus. Hierdie gedeelte is oorgelewer deur Hieronymus, waarskynlik op grond van 'n toevoeging tot die evangelie uit die tweede of derde eeu na Christus, en word ingevoeg ná vers veertien van die laaste hoofstuk van Markus: ὁ μὴ ἔων τὰ ὑπο τῶν πνευμάτων ἀκάθαρτα τὴν ἀλήθειαν τοῦ θεοῦ καταλαβέσθαι δύναμιν (Aland, 1968, p.197, voetnota 4). Metzger (1971, p. 124) doen twee moontlike vertalings aan die hand: prevail en understand. Vanweë die feit dat die medium van die

werkwoord gebruik word, word verstaan as die korrekte beskou.

Verder word καταλαμβάνειν ook gebruik om aan te dui dat iets tyd in beslag neem.

2.4.1.4.3 Die betekenismoontlikheid aankom, bereik

Καταλαμβάνειν het al meer hierdie betekenis. Dit dui die aankom by, bereik van beide 'n persoon en 'n plek aan, en hieruit voortvloeiend beteken dit ook tegemootgaan.

2.4.1.4.4 Twee verdere betekenismoontlikhede

Καταλαμβάνειν het ook die betekenis kort op iemand se hake volg, en ook mense byeenroep, vergader. Dit word egter nie baie so gebruik nie.

2.4.1.4.5 Opsommend

Καταλαμβάνειν het in die Patristiese tydperk meestal die betekenis oorweldig; tog word die woord al meer met 'n afgeleide betekenis ook gebruik: gryp - oorweldig - besit kry van - ontvang - aanvaar.

Καταλαμβάνειν dui ook op die aankoms by, die bereik van 'n plek en 'n persoon (hierin is die ondertoon van gryp,

oorweldig, oorval nog duidelik sigbaar); hieruit voortvloeiend begin dit die betekenis beweging na ... toe kry. Dit is heelwaarskynlik 'n ontwikkeling van die betekenis inhaal soos in die LXX gebruik word. (Vergelyk 2.4.1.2.3)

2.4.1.5 In die Bisantynse tydperk

2.4.1.5.1 Inleidend

Om die gebruik van καταλαμβάνειν in die Bisantynse Grieks na te gaan, is hoofsaaklik gebruik gemaak van 'n leksikon saamgestel deur E.A. Sophocles (1957).

Καταλαμβάνειν vertoon die volgende betekenismoontlikhede:

2.4.1.5.2 Die betekenismoontlikheid gaan, kom, bereik

Soos in die Patristiese tydperk het καταλαμβάνειν die betekenis gaan, kom, bereik, ook in hierdie tydperk.

2.4.1.5.3 Die betekenismoontlikheid begryp, verstaan, leer, waarneem

Καταλαμβάνειν het in die klassieke en ook in die Nuwe-Testamentiese Grieks die betekenis begryp, verstaan slegs in die medium. Die Bisantynse Grieks wyk egter hiervan af,

en gebruik καταλαμβάνειν ook in die aktief so.

2.4.1.5.4 Opsommend

Dit blyk dat die ondertoon van oorweldig al hoe vaer word, en dat dit in die Bisantynse Grieks baie vervaag het, in elk geval in die letterlike en direkte sin.

Verder is dit merkwaardig dat καταλαμβάνειν ook in die aktief (en passief) die betekenis verstaan, begryp het.

2.4.1.6 Samevattend

n Vergelyking van die gebruike van καταλαμβάνειν in die onderskeie tydperke toon die volgende (tersaaklike) tendense in die latere Grieks:

Καταλαμβάνειν het al hoe minder die betekenis oorweldig (inneem, beset, gryp) in direkte sin;

Καταλαμβάνειν het al meer in die aktief die betekenis begryp, verstaan.

2.4.2 In die Johannes-evangelie

Καταλαμβάνειν word vier keer in die Johannes-evangelie gebruik (1,5; 8,3,4; 12,35). Soos hierbo aangedui is (2.4.1.3.1), is daar sterk getuigenis dat die hele

perikoop waarin 8,3.4. voorkom, nie oorspronklik deel van die Johannes-evangelie uitgemaak het nie.

Naas 1,5 is dit dus slegs 12,35 wat getuig van Johannes se gebruik van καταλαμβάνειν . Aangesien Johannes dié woord so min gebruik, is dit nie moontlik om vas te stel of dit slegs met 'n spesifieke betekenis gebruik word nie. Tog kan die gebruik daarvan in 12,35 (en in 8,3.4) nie oor die hoof gesien word nie. Hierbo (2.4.1.3.3) word aangedui dat καταλαμβάνειν in hierdie drie gevalle telkens die betekenis betrap, oorval het, dit wil sê: met 'n bepaalde ondertoon van oorweldig.

2.4.3 Verskillende vertalings van οὐ κατέλαβεν in Johannes 1, 5

Die uiteenlopendheid van die interpretasies van die betekenis van καταλαμβάνειν in Johannes 1,5 blyk uit die vertalings van hierdie vers:

2.4.3.1 Enkele amptelike vertalings

Afrikaans (1933): '... en die duisternis het dit nie oorweldig nie.'

Afrikaans (Proefvertaling, 1971): '... en die duisternis het dit nie aanvaar nie.'

Afrikaans (Die Blye Boodskap, 1975): '... en tog het die duisternis dit nie aanvaar nie.'

Duits (Luther): '... und die Finsternis hat's nicht
ergriffen.'

Engels (A V 1950): '... and the darkness comprehended it
not.'

Esperanto: '... kaj la mallumo ĝin ne venkis (oorwel=
dig, tot niet maak).'

Frans (Segand, 1948): '... et les tenebres no l'ent point
recue (ontvang, aanvaar).'

Good News for Modern Man (TEV): '... and the darkness has
never put it out.'

Latyn (Textum Vaticanum): '... et tenebrae eam non comprehen-
derunt.'

Statevertaling: '... en de duisternis heeft hetzelfde niet
begrepen.'

2.4.3.2 Vertalings van enkele kommentatoren

Brown (1966, p.3): '... for the darkness did not overcome it.'

Calvyn (1971, p.20): '... en de duisternis heeft het niet
begrepen.'

Coetzee (1975): '... en die duisternis het dit nie aan-
geneem nie.'

De Beus (1973, p.50): '... de duisternis heeft het licht
niet overweldigd, d.i.: niet uitgedoofd.'

Hendriksen (1973, p.69): '... but the darkness did not
appropriate it.'

Morris (1973, p.79): '... and the darkness apprehended (or:
overcame) it not.'

Sanders (1968, p.67): '... and the darkness did not master
it.'

2.5 η Vergelyking van die betekenismoontlikhede van λαμβάνειν, παραλαμβάνειν en καταλαμβάνειν in die Nuwe Testament

2.5.1 Λαμβάνειν

Λαμβάνειν het drie betekenismoontlikhede (2.2.2):

1. Passiewe ontvang, kry;
2. Neem, vat;
3. Aanneem, aanvaar, ontvang.

2.5.2 Παραλαμβάνειν

Παραλαμβάνειν het drie betekenismoontlikhede (2.3.3):

1. Vir jouself neem, saamneem;
2. Passiewe ontvang;
3. Aanneem (om te onderhou).

2.5.3 Καταλαμβάνειν

Καταλαμβάνειν het vier betekenismoontlikhede (2.4.1.3):

1. Oorweldig (aktief verkry, onder jou beheer bring);
2. Betrap, oorval;
3. Verstaan, begryp;

4. Passiewe verkry, ontvang.

In die gevalle 1, 2 en 4 word óf die aktief óf die passief gebruik, en in die geval van 3 telkens die medium.

2.5.4 Gevolgtrekking

Λαμβάνειν en παραλαμβάνειν is feitlik sinoniem. In sekere gevalle sou η mens kon sê dat παραλαμβάνειν η versterkte vorm is van λαμβάνειν ; dit is egter nie oral van toepassing nie.

Καταλαμβάνειν omvat en oorskrei die betekenisveld van beide bogenoemde vorme. Dit is duidelik dat die voorsetsel nie net η klemverskuiwing teweegbring nie, maar ook η betekenisverandering.

Verder is dit van belang om op te merk dat telkens, en slegs wanneer καταλαμβάνειν in die medium gebruik word, dit die betekenis verstaan, begryp het.

HOOFSTUK 3

DIE BETEKENISVELD VAN ΣΚΟΤΙΑ, ΦΩΣ EN ΦΑΙΝΕΙΝ

3.1 Die betekenisveld van σκοτία

3.1.1 In die klassieke Grieks¹⁾

3.1.1.1 Die woordgroep in Grieks

Die woordgroep is: σκότος, σκοτία, σκοτώ, σκοτίζω en σκοτεινός. Die woord σκότος is reeds in Homeros se Ilias gebruik. Die vorm van σκοτία is hellenisties.

3.1.1.2 Betekenismoontlikhede

Die woord word gebruik met letterlike en oordragtelike betekenisemoontlikhede. Die hele spektrum betekenisemoontlikhede kan verstaan word in terme van die basiese betekenis, naamlik duisternis as die sfeer van objektiewe gevaar en subjektiewe angs. Om afgesny te word van die lig, dit is: om in die duisternis in te gaan, beteken die dood.

So kan die duisternis die mens ook aantast in die vorm van

1) Volgens Conzelmann, TDNT VII: 423 tot 445, behalwe waar anders vermeld.

blindheid; sonder die gesig is selforiëntasie in die lewe nie moontlik nie.

Hierdie insig help 'n mens om die oorgang van 'n letterlike na 'n oorganklike betekenis van hierdie woord (en so ook van φῶς) te verstaan: σκοτία kan dui op bedekking, geheimhouding, bedrog of op 'n gebrek aan kennis of insig.

3.1.2 In die Ou Testament

3.1.2.1 Agtergrond uit die Ou Nabye Ooste

Lig en duisternis dui redding en verlorenheid aan. Daar is egter geen abstrahering van die ligbron nie. Daar is geen bewys uit Iranese geskrifte dat die Iranese gebruik van duisternis (en lig) die Israelitiese gebruik daarvan beïnvloed het nie.¹⁾ So 'n aanname is onwetenskaplik, aangesien dit niks meer is as spekulasie nie.

3.1.2.2 Die betekenismoontlikhede van duisternis in die Ou Testament

Die begrip word meestal weergegee met חָשֶׁךְ. אֵל het egter dieselfde betekenis.

1) Vergelyk Dodd (1972, p.201) oor die verhouding van φῶς en σκοτία met die Zoroastrianisme.

700 word ses en sewentig keer gebruik (Wigram, 1971, p.470). Ongeveer sewentien keer het dit die betekenis (blote) duisternis, nagduisternis ('ongeveer', want daar is enkele grensgevalle). In die ander gevalle dui dit hoofsaaklik op die dwaasheid en onkunde van die goddelose, en op skadelike en nadelige dinge; in enkele gevalle dui dit ook op die oordeel wat DIE HERE in die laaste dae oor die goddelose voltrek.

3.1.2.3 Algemene trekke

Soos in die klassieke Grieks word natuurlike duisternis in die Ou Testament nie teoreties besien nie, maar vermeld as die inhoud van direkte ondervinding. Die toeslaan van duisternis is die teenoorgestelde van die instroom van lig. Die duisternis (en die lig) word dus gesien na sy funksie, en nie as 'n substansie nie. God is nie self die lig nie, maar dit het deur Hom ontstaan. Daar word niks gesê van die reaksie van die duisternis op die koms van die lig nie.

3.1.3 In die Judaïsme

Duisternis is die vervloeking in die toekomstige wêreld. So blyk dit byvoorbeeld uit een van die Dooie See-rolle dat daar twee moontlikhede is met betrekking tot die toekomstige wêreld (1QS 4,12; 1QS 4,7): ewige lewe en ewige lig, of: ewige verdoemenis en die vuur van die donker plekke.

3.1.4 In die Hellenisme

3.1.4.1 Algemeen

Lig word n transendentesfeer en is ook n substansie. Verligting is n transformasie en vergoddeliking. Duisternis is in die algemeen nie n aktiewe teenmag nie, maar dit wat nagelaat word, ἄγνοια. Die σκότος is baie minder prominent waar denke deur die misterie beheers word, dit is: deur die epifanie van die lig, en waar verligting in mistiese ekstase gesoek word.

3.1.4.2 In die hellenistiese literatuur

Die begrip σκότος kom nie baie voor nie, en wanneer dit wel gebruik word, is dit onderskeidend gnosties: alles wat in die wêreld lig skyn te wees, is slags σκοτεινόν φῶς in vergelyking met die ware lig. Die duisternis word geaktualiseer in die liggaam, die σῶμα.

3.1.4.3 In die Odes van Salomo

Lig lê nie in die sfeer van die mens se natuurlike moontlikhede nie. Die mens verkeer in die duisternis, wat n plek en n situasie is.

3.1.4.4 By die Mandeërs

Alhoewel dit n deurmekaarspul van idees is by die Mandeërs, is n dualisme onderskeibaar.

Duisternis is n sfeer en n substansie. Dit is n mag wat woedend word, wat destruktiewe planne beraam, wat daarop uit is om die mens te oorweldig, gevange te neem, deur hom aan sy liggaam te bind. Die lot van die kinders van die duisternis is ondergang. Duisternis verstaan die lig nie; dit veg daarteen. Die duisternis word egter vernietig. Dié mite wil keuse teweegbring.

3.1.4.5 By die Manicheërs

Ook by die Manicheërs blyk n sterk dualisme. Lig en duisternis is sfere en substansies met hulle verteenwoordigers.

3.1.4.6 By die Christelike Gnostiek

Duisternis as begrip is baie minder prominent in die literatuur van die Christelike Gnostiek.

3.1.5 In die Nuwe Testament

3.1.5.1 Inleiding

Die mees algemene woord vir duisternis in die Nuwe Testament is τὸ σκότος. Johannes verkies egter ἡ σκοτία.

ἡ σκοτία word dertien keer gebruik in die Nuwe Testament: Matteus 4,16; 10,27; Lukas 12,3; Johannes 1,5; 6,17;- 8,12; 12,35,46; 20,1; I Johannes 1,5; 2,8.9.11. Dit word dus slegs drie keer nie deur Johannes gebruik nie.

τὸ σκότος word dertig keer gebruik: Matteus 4,16 (alternatiewe lesing); 6,23; 8,12; 22,13; 26,30; 27,45; Markus 15,33; Lukas 1,79; 11,35; 22,53; 23,44; Johannes 3,19; Handeling 2,20; 13,11; 26,18; Romeine 2,19; 13,12; I Korintiërs 4,5; II Korintiërs 4,6; 6,14; Efesiërs 5,8.11; 6,12; Kolossense 1,13; I Tessalonisense 5,4.5; I Petrus 2,9; II Petrus 2,17; I Johannes 1,6; Judas 13. Dit word dus slegs twee keer deur Johannes gebruik: een keer in sy evangelie en een keer in sy eerste brief.

Hieronder word die verskillende betekenismoonlikhede van die woorde aangedui soos wat dit deur die afsonderlike skrywers van die Nuwe Testamentiese boeke gebruik is:

3.1.5.2 Die Sinoptici, Handeling 2 en algemene sendbriewe

3.1.5.2.1 Inleiding

Behalwe waar anders aangedui, word die vorm τὸ σκότος

gebruik.

3.1.5.2.2 Letterlik

In Matteus 27,45, Markus 15,33 en Lukas 23,44 word die woord gebruik vir die verduistering van die son tydens die kruisiging van Christus. In Handeling 13,11 word dit gebruik vir letterlike blindheid. In Matteus 8,12; 22,13; 25,30; II Petrus 2,17 en Judas 13 word dit gebruik met verwysing na die plek van strafgerig (die buitenste duisternis). Die duisternis waarvan daar aan die einde van die wêreld gepraat word, is 'n werklike kosmiese duisternis (vergelyk Markus 13,24 en Matteus 24,29). S6 in Handeling 2,20.

3.1.5.2.3 Figuurlik

Die woord word figuurlik gebruik in Matteus 4,16 (die volk wat in duisternis sit, het 'n groot lig gesien...); 5,23; Lukas 1,79; 11,35; Handeling 26,18 en I Petrus 2,9. In Lukas 22,53 word daar gepraat van: die mag van die duisternis.

3.1.5.2.4 Oordragtelik

Wat duister is, is dit wat verberg is: Matteus 10,27 (Wat Ek vir julle in die duisternis - σκοτά - s6, vertel dit in die lig.), en Lukas 12,3 (ook σκοτά). Σκοτά (en φῶς)

word so gebruik om die aard van die openbaring te skets: die openbaring breek in die prediking weg van sy verborge en bonatuurlike oorsprong en word openbaargemaak, kom aan die lig.

3.1.5.3 In die briewe van Paulus

Paulus gebruik slegs τὸ σκότος, maar met geen spesifieke duiding nie. Hy bly binne die raamwerk van die Joodse gebruik: bekering is verligting, dit is: 'n oorgang van die duisternis na die lig. Só in Romeine 2,19 en Efesiërs 5,8.

Duisternis karakteriseer die heidendom as kwaad, beide as 'n sfeer en as 'n toestand. Só in Romeine 13,12; II Korintiërs 6,14; Efesiërs 5,11; 6,12 en Kolossense 1,13.

Duisternis kan ook verwys na wat verberg is en op die laaste oordeel ontbloot sal word; só in I Korintiërs 4,5. Duisternis word figuurlik gebruik in I Tessalonisense 5,4.5, asook II Korintiërs 4,6.

3.1.5.4 In die eerste brief van Johannes

Soos in sy evangelie openbaar Johannes ook hier 'n voorliefde vir τὸ σκότος. τὸ σκότος gebruik hy slegs een maal, naamlik in 1,5.

Daar is sprake van 'n figuurlike toestand in 1,6: 'As ons

sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.'; 2,9: 'Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe.'; 2,11: 'Maar hy wat sy broeder haat is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis (n mag) sy oë verblind het.'

In 1,5 (... God is lig en geen duisternis is in Hom nie), en 2,8 (...die duisternis gaan verby en die waaragtige lig skyn alreeds.) is daar meer sprake van 'sferæ', entiteite wat teenoor mekaar staan en in stryd met mekaar verkeer.

3.1.5.5 In die Johannes-evangelie

Daar is nie slegs duisternis in die wêreld nie - die wêreld self is duisternis (8,12; 12,35.46). Daarom ontstaan daar ook geen kosmologiese dualisme nie: God is lig, maar die duisternis was nie in die begin nie; dit is geskape.

Dit is baie duidelik dat die lig en die duisternis magte is wat teenoor mekaar staan (behalwe 6,17: 'En dit was al donker ...'):

1,5 'Die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie κατέλαβεν nie.'

3,19 '... die mense het die duisternis liever gehad as die lig (σκότος).

8,12 'Ek is die lig van die wêreld; wie my volg sal

sekerlik nie in die duisternis wandel nie.'

12,35 '... Wandel solank as julle die lig het, sodat die duisternis julle nie oorval nie.'

12,46 'Ek het as n lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in my glo nie in die duisternis sou bly nie.'

3.1.6 Gevolgtrekking

By Johannes is die dualiteit tussen lig en die duisternis verhef tot die vlak van die teologiese. Johannes begin egter nie dink by 'n gegewe dualiteit nie, maar by die grootheid en almag van die lig en sy manifestasie.

Binne hierdie dualiteit staan lig en duisternis in 'n bepaalde verhouding tot mekaar. Die lig is primêr eie aan God, die duisternis is die wêreldmag;¹⁾ dit is oral waar God nie seënend teenwoordig is nie: waar Hy nie gedien word nie, waar die Messias nie erken word nie, waar die sonde heers, waar God Satan toelaat om te werk.²⁾

1) So ook de Beus (1973, p.49). σκοτία: al die kwaad in die wêreld buite die mens, maar ook die kwaad wat die mens doen en in die mens is.

W. Hendriksen (1973, p.73) sê oor σκοτία: '...fallen mankind, darkened by sin and unbelief ... It is synonymous to the 'world' of verse 10; it is an active, personal darkness: it did not accept or appropriate the light.

2) Vergelyk J.C. Goetsee (1975, p.32).

Hierdie duisternis is in 'n stryd gewikkel met die lig.¹⁾
Die lig skyn (φαίνε) egter steeds!

3.2 Die betekenisveld van φῶς

3.2.1 In die klassieke Grieks

3.2.1.1 Die woordgroep in Grieks

Die woordgroep is φῶς, φωτίζω, φωτισμός, φωτεινός, φωσφόρος, φωστήρ, ἐπιφάσκω, ἐπιφύσκω.

3.2.1.2 Algemene gebruik

Van die vroegste tye af het die woord letterlike en figuurlike betekenismoontlikhede: daglig, sonlig, helderheid; die terugkeer uit Hades is gelyk aan die terugkeer na die lig (Sofokles, Fil. 624). Lig is lewe en om van die lig verwyder te wees beteken dood. Die wêreld van die gode is lig (Homeros, Odyssea 6,43). Die manifestasie van die goddelike gaan gepaard met lig (Euripides, Ba. 1082). Wanneer lig gestel word teenoor duisternis, is die teenstelling ook

- 1) Vergelyk J.P. Lange (1971, p.69): 'The entrance of the darkness as a hostile counterpart of the light, i.e. the fall, is here presupposed.'
- 2) Vergelyk J.N. Sanders (1968, p.73) οορσχοτ(α : '...that which is unresponsive to, and rebellious against the light.'

dié van goed teenoor kwaad.

3.2.1.3 By die voor-Sokraties

$\Phi\omega\varsigma$ is 'n fisiese verskynsel in terme van die element vuur.
 $\Phi\omega\varsigma$ is dus die voorwerp (en nie die beginsel nie) van verduideliking.

3.2.1.4 Die vroeë dualisme

Die vroeë dualisme dra die lig-duisternis-antitesis nie verder as die bloot fisiese nie.

3.2.1.5 Die Pythagoreërs

Die Pythagoreërs onderskei tien antitesiese beginsels. Die antitesis lig-duisternis val onder hierdie tien antitesiese beginsels.

3.2.1.6 Plato

Plato ontwikkel 'n bepaalde metafisika van lig. Lig is nie slegs 'n wyse om wêreld te bestaan uit te druk nie, maar wêreld bestaan is lig.

3.2.1.7 Aristoteles

Die aktiwiteit van die $\nu\phi\upsilon\varsigma$ word vergelyk met lig: die $\nu\phi\upsilon\varsigma$ werk verliggend.

3.2.1.8 In die kultus

Lig dryf demone uit. De Beus (1973, p.145) dui aan hoedat lig in baie godsdienste gepaard gaan met die openbaring van 'n godheid, en selfs so 'n godheid is. Lig is die simbool van die geluk en die goeie (teenoor duisternis, wat die vyand van die menslike geluk is).

3.2.2 In die Ou Testament

3.2.2.1 Agtergrond uit die Ou Nabye Ooste

Son, lig, lewe en redding gaan saam. Die hoofverwysing is na die son. Conzelmann (TDNT IX: 317) beskryf die ontstaan van die lig-duisternis-antitese soos volg:

'In Zarathustra, as in the rest of the ancient Orient, light is not detached from the rest of the natural substratum. Hence it is doubtful whether one can trace back the Jewish, Christian or Gnostic dualism of light and darkness to Persian religion, especially as a development may be traced within Judaism itself.'

Hierdie standpunt word in hierdie verhandeling onderskryf.

Daar is in elk geval beperkte bronne-materiaal oor die gebruik van lig en duisternis in hierdie vroeë periode.

3.2.2.2 Die gebruik in die Ou Testament

Die Hebreeuse woord אור domineer.

Die werkwoord אור : om te skyn, dui op die dagbreek in II Samuel 2,32. Die selfstandige naamwoord אור beteken daglig in Rigters 16,2, en sterlig in Jesaja 30,26. In Genesis 1,14 is אור ה שטר. Lig karakteriseer die natuurlike lewe (Psalm 38,10), en ook die geestelike lewe (Psalm 37,6; 97,11). God omvou Hom in lig (Psalm 104,2); Hy is die lig van die regverdige (Miga 7,8).

Van die tweehonderd keer wat אור voorkom in die Hebreeuse teks, word dit een honderd en dertig keer vertaal met φῶς en sy aanverwante woorde in die LXX. ה Mens sou kon praat van 'n teologiese ontwikkeling van die lig-terminologie. Gewoonlik is daar die tweevoudige ondertoon van redding of ondergang.

Die lig word altyd gesien na sy funksie, en nie as 'n substansie nie. Lig dui dus meer op 'n verhouding as 'n bestaan (so byvoorbeeld in Psalm 27,1: 'DIE HERE is my lig en my heil).

3.2.3 Judaïsme

3.2.3.1 Algemeen

Soos in die Ou Testament word dit kosmologies, eskatologies, en eties gebruik. Die duisternis van Adam staan in antitesis teenoor die lig van die Tora.

Daar word gepraat van die helderheid van die wêreld daarbo, en die donker wêreld hier benede. Dié duisternis sal vernietig word, en dan sal die ewige skittering regeer.

Die Tora word steeds gesien as lig, en die verbinding tussen die wysheid en die wet bly. Lig en duisternis word egter morele kwaliteite.

3.2.3.2 Die Rabbyne literatuur

Lig word gebruik vir die tyd van redding, en die Messias word beskryf as 'n liggestalte.

3.2.4 Die Hellenisme en Gnostisisme

Die oorgang van die klassieke na die hellenistiese gebruik is moeilik omskryfbaar. Ook in die Hellenisme beteken lig redding. Die dominerende antitesis is egter nie tussen lig en duisternis nie, maar tussen die goddelike lig en

die menslike (of aardse) lig. Die goddelike krag is lig, en verligting is deïfikasie.

By die Gnostisisme is die lig iets goddelike en bowa-aards. In elke mens is 'n goddelike ligvonk. Die teenstelling lig-duisternis is sterk dualisties.

3.2.5 Die Nuwe Testament

3.2.5.1 Inleiding

Die woord $\phi\omega\varsigma$ word ses en vyftig keer gebruik: ses keer deur Matteus (4,16; 5,14.16; 6,23; 10,27; 17,2); een keer deur Markus (14,54); sewe keer deur Lukas in sy evangelie (2,32; 8,16; 11,33.35; 12,3; 16,8; 22,56); en tien keer in Handelinge (9,3; 12,7; 13,47; 16,29; 22,6.9.11; 26,13.18.23); Johannes gebruik dié woord in sestien verse in sy evangelie (1,4.5.7.8.9; 3,19.20.21; 5,35; 8,12; 9,5; 11,9.10; 12,35.36.46), en drie keer in sy eerste brief (1,5.7; 2,8); Paulus gebruik dié woord elf keer (Romeine 2,9; 13,12; II Korintiërs 4,6; 6,14; 11,14; Efesiërs 5,8.9.13; Kolossense 1,12; I Tessaloniense 5,5; I Timoteus 6,16); in die ander briewe kom dit slegs twee keer voor: Jakobus 1,17 en I Petrus 2,9.

3.2.5.2 Betekenismoontlikhede

$\phi\omega\varsigma$ het drie betekenismoontlikhede:

1. Φῶς τοῦ κόσμου, τῶν ἀνθρώπων.
2. Υἱοὶ, τέκνα φωτός.
3. Φῶς ζωῆς, θεοῦ,

3.2.5.3 In die Johannes-evangelie

3.2.5.3.1 Inleiding

Die Nuwe-Testamentiese gebruik van lig en duisternis kulmineer in Johannes se geskrifte.

Φῶς en σκοτία is polêre begrippe wat alleen saam verstaan kan word. Dit is ook twee kernbegrippe soos hieronder sal blyk.

3.2.5.3.2 Die betekenisveld

3.2.5.3.2.1 Inleiding

Johannes gebruik φῶς sestien keer in sy evangelie. Elf keer hiervan dui dit op lig soos wat God Hom manifesteer in Jesus:

- 1,4 '... die lewe was die lig vir die mense.'
- 1,5 'Die lig skyn in die duisternis ...'
- 1,7 '(Johannes) het gekom ... om van die lig te getuig.'

- 1,8 'Hy was nie die lig nie, maar moes van die lig getuig.'
- 1,9 'Die waaragtige lig ... was aan't kom in die wêreld.'
- 3,19 '... die lig (het) in die wêreld gekom, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig.'
- 8,12 'Jesus het ... gesê: Ek is die lig van die wêreld, ...'
- 9,5 'Solank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld.'
- 12,35 'Nog 'n klein tydjie is die lig by julle.'
- 12,36 'Solank as julle die lig het, glo in die lig.'
- 12,46 'Ek het as 'n lig in die wêreld gekom.'

Vier keer word dit in figuurlike sin gebruik:

- 3,20 'Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie.'
- 3,21 'Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig.'
- 11,9 'As iemand in die dag wandel, stamp hy hom nie, omdat hy die lig van hierdie wêreld sien.'
- 11,10 'Maar as iemand in die nag wandel, stamp hy hom, omdat die lig nie in hom is nie.'

Die orige keer word dit gebruik in verband met Johannes die Doper:

- 5,35 '(Johannes) was die lamp wat brand en skyn, en julle was gewillig om julle vir 'n tyd in sy lig te verbly.'

3.2.5.3.2.2 Negatief¹⁾

Φῶς sien nie op natuurlike lig nie (behalwe miskien 11,9); dit staan egter ook nie in kontras daarmee nie, maar slegs met σκοτία, wat weer nie slaan op natuurlike donkerheid nie.

3.2.5.3.2.3 Positief¹⁾

Φῶς is primêr eie aan God (vergelyk ook I Johannes 1,5). Φῶς is dus by uitstek 'n Messiaanse titel by Johannes. Die Logos, as self God (1,18) is die Lig van die wêreld. Die lig is oral waar God Hom openbaar, waar die Messias is.

Φῶς is dus ten diepste ondefinieerbaar. Dit is geen abstrakte begrip nie, maar 'n Messiaanse titel. Die wesen=kenmerke van Φῶς kom te voorskyn deur sy werkings. Φῶς = ζῶν aan't werk in 'n verlore wêreld (8,12). J.C. Coetzee (1975, p.33) dui vyfderlei wyse aan waarop Φῶς in hierdie proses by uitstek werk:

1. Openbarend; met verwysing na die verband tussen Φῶς en φάινειν.
2. Skeidingmakend; met verwysing na die verband tussen Φῶς en χρίσις.
3. Wegwysend; vergelyk onder andere 12,35,36, asook I Johannes 1,5,7.

1) Basies soos uitgewerk deur J.C. Coetzee (1975, p.32 en verder).

4. Bevrydend; vergelyk hoofstuk 8.

5. Lewegewend; vergelyk 1,12; 8,12; 1,4.5.

Σκοτία werk presies die omgekeerde hiervan.

3.2.5.3.2.4 Φῶς (en σκοτία) in vers vier en vyf

In vers vier en vyf is Φῶς ongetwyfeld n Messiaanse titel. Waar die Logos, wat die lewe is, aan die werk is, is Hy die Φῶς vir die mense.¹⁾

J.C. Coetzee (1975, p.33) dui ook die skeppingsmotief in Φῶς aan. Dit is n terugspieëling op Genesis 1,3.4. (en σκοτία op Genesis 1,2). Die Φῶς is egter nie n natuurlike skeppingslig nie, maar is Logos as ligbron, as die waaragtige lig (vergelyk vers neges). Primêr is Hy hier die Logos, wat self die herskeppingslig is, vir mense wat in die σκοτία is, wat in die sonde-duisternis verdwaald en verlore is.

3.2.6 Gevolgtrekking

Σκοτία is die omgekeerde van Φῶς, dit is nie-Φῶς, en dit werk ook die omgekeerde van Φῶς.

1) So ook Hendriksen (1973, p.72): 'When life is manifested, it is called light.'

Φῶς in vers vier en vyf van die Proloog is God die Almagtige gemanifesteer in Christus Jesus. Omdat σκοτία die omgekeerde is van φῶς, reageer die duisternis negatief op die aktiwiteit van die lig. Wat φῶς is, wil die σκοτία nie-φῶς, dit is: σκοτία maak. 1)

3.3 Die betekenisveld van φαίνειν

3.3.1 In die klassieke Grieks 2)

3.3.1.1 Die woordgroep in Grieks

Die woordgroep is φαίνω, φανερός, φανερώ, φανέρωσις, φαντάζω, φάντασμα, ἐμφανίζω, ἐπιφαίνω, ἐπιφανής en ἐπιφάνεια. Die stamφαν- is heelwaarskynlik 'n vroeë uitbreiding van φᾱ-, wat sowel kan beteken om te verlig (dit is: sigbaar maak) as om te praat (dit is: hoorbaar te maak).

3.3.1.2 In die aktief

Wanneer oorganklik gebruik, beteken φαίνειν: bekendmaak, laat blyk, toon (Homeros, Ilias 2,324; Odyssea 3,173).

1) So ook de Beus (1973, p.50).

2) H. Conzelmann, TDNT IX: 1-2, behalwe waar anders aangedui.

Wanneer onoorganklik gebruik, beteken dit: skyn, skitter (Homeros, Odyssea 7,102).

3.3.1.3 As medium/passief deponent

Homeros gebruik ook die medium/passief deponent φαίνομαι: skyn, skitter, en (veral) verlig (Ilias 8, 556); van he-melligame en persone: sigbaar word, jouself sigbaar maak.

3.3.1.4 In die Wysbegeerte

Aristoteles gebruik φαίνομαι met verwysing na sintuiglike waarneming (Fys. III,5, p.204b, 35).

In die Platoniese dialoë word φαίνεται gebruik vir 'n swak vorm van bevestiging (Resp. 1,333c).

3.3.2 In die koiné-Grieks

Die gebruik kom baie ooreen met dié van ὁράω, wanneer dit gebruik word met die datief van persoon (Pap. Cairo Zeno I, 59044,7,16, uit die derde eeu voor Christus).

3.3.3 In die LXX

3.3.3.1 Inleiding

Die werkwoord φαίνεiv word sewe en vyftig keer in die LXX gebruik, waarvan vyftien in I en II Makkabeërs, twee in I Esdras , een in die Boek van Tobias, een in die Boek van die Wysheid en een in die Geskiedenis van Susanna.

Φαίνεiv is die vertaling van die volgende Hebreeuse woorde en vorme (volgens die koninkwansie opgestel deur Hatch en Redpath, 1954, p.1423):

אור <u>hi</u> . (5)	נפל (1)
סאור (1)	קרה <u>hi</u> . (2)
בחן <u>hi</u> . (1)	דאח <u>hi</u> . (4)
נעיני (2)	קרה (3) ποιηρὸν φαίνεσθαι,
גלה <u>hi</u> . (1)	רע <u>hi</u> . (5)
היה (1)	קרה (1) σαληρὸν φαίνεσθαι,
זהר <u>hi</u> . (1)	רע (1) <u>hi</u> .
זרח (1)	קרה (1) ποιηρὸν εἶναι.

3.3.3.2 Die verskillende betekenismoontlikhede

3.3.3.2.1 Die betekenismoontlikheid (fisiese) waarneem, sien

Φαίνεiv het twee keer die betekenis waarneem, sien:
II Makkabeërs 5,2; 12,3. II Makkabeërs 5,2 is n goeis voorbeeld: συνέβη δὲ... φαίνεσθαι ἰσπερ.

3.3.3.2.2 Die betekenismoontlikheid skyn, glinster, lig
gee, verlig

Φαίνειν het nage keer die betekenis skyn, glinster, lig
gee, verlig: Genesis 1,15,17; Eksodus 25,36; Psalm 77,18;
97,4; Jesaja 60,2; Esegiël 32,7.8; Daniël 12,3; I Makka=
beërs 4,50. Genesis 1,15 is 'n goeie voorbeeld: εἰς φαῖ-
σιν ἐν τῷ στερεώματι τοῦ οὐρανοῦ ὥστε φαίνειν ἐπὶ
τῆς γῆς.

3.3.3.2.3 Soos δοκέω: hy/sy/dit lyk ...

Φαίνειν het drie en twintig keer die betekenis lyk: Gene=
sis 21,11; 35,21; 38,10; 45,5; I Samuel 18,8; II Samuel
11,27; I Konings 22,32; I Kronieke 21,7; II Esdras 7,20;
Nehemia 4,1.7; 13,8; Spreuke 2,2; 24,25; 26,5.16; 27,7;
Jesaja 32,2; II Makkabeërs 3,25; 6,27; 10,29; 12,16;
14,20.

Die Afrikaanse vertaling (1933) vertaal die Hebreeus telke=
male met om te wees, byvoorbeeld Genesis 21,11: 'En die
woord was baie verkeerd in die oë van Abraham ...' Die
Grieks vertaal: 'σκληρὸν δὲ ἐφάνη τὸ ῥῆμα σφόδρα
ἐναντίον Ἀβρααμ...'

3.3.3.2.4 Die betekenismoontlikheid verskyn, vertoon,
openbaar

φαίνειν het drie en twintig keer die betekenis verskyn, vertoon, openbaar: Genesis 30,37; 35,7; 42,15; Numeri 23,3.4; I Samuel 20,26; I Konings 6,18; I Esdras 2,21; 3,5; Die Boek van Tobias 6,17; Spreuke 11,31; 23,5; Die Boek van Wysheid 8,15; Jesaja 47,3; Die Geskiedenis van Susanna 12; Daniël 1,13.15; I Makkabeërs 11,12; II Makkabeërs 1,33; 3,26.33; 7,22; 11,8; 12,36. Genesis 35,7 is 'n tipiese voorbeeld: ἔκει γὰρ ἐφάνη (A: ἐπαφάνη) αὐτῷ ὁ θεός.

3.3.3.3 Gevolgtrekking

Dit blyk dat φαίνειν wel die betekenis skyn, lig gee, verlig, het.

3.3.4 In die Nuwe Testament

3.3.4.1 Inleiding

Φαίνειν word een en dertig keer in die Nuwe Testament gebruik, waarvan dertien keer deur Matteus, twee keer deur Markus, twee keer deur Lukas (in sy evangelie), twee keer deur Johannes in sy evangelie, een keer in sy eerste brief, en vier keer in Openbaring; drie keer deur Paulus, een keer in die Hebreërbrief, een keer deur Jakobus en twee keer deur Petrus.

3.3.4.2 Betekenismoontlikhede

3.3.4.2.1 Die betekenismoontlikheid (fisiese) waarneem, sien

Φαίνειν het vyf keer die betekenis waarneem, sien: Matteus 6,5.16.18; 9,33 en Hebreërs 11,3. Matteus 6,5 is η goeie voorbeeld: '... ὅπως φανῶσιν τοῖς ἀνθρώποις.'

3.3.4.2.2 Soos δοκέω: ην/sy/dit lyk ...

Φαίνειν het ses keer die betekenis lyk: Matteus 23,27.28; Markus 14,64; Lukas 24,11, Romeine 7,13; II Korintiërs 13,7. Lukas 24,11 is η goeie voorbeeld: ἐφάνησαν ἐνώπιον αὐτῶν ὥσεὶ λῆρος τὰ ῥήματα ταῦτα.

3.3.4.2.3 Die betekenismoontlikheid verskyn

Φαίνειν het tien keer die betekenis verskyn: Matteus 1,20; 2,7.13.19; 13,26; 24,30; Markus 16,9; Lukas 9,8; Jakobus 4,14; I Petrus 4,18. Matteus 1,20 is η goeie voorbeeld: ἄγγελος κυρίου κατ' ὄναρ ἐφάνη αὐτῷ.

3.3.4.2.4 Die betekenismoontlikheid skyn, lig werp

Φαίνειν het tien keer die betekenis skyn, lig werp:

Matteus 24,27: 'Want soos die weerlig uit die ooste uit=
slaan en tot in die weste skyn, so sal ook
die koms van die Seun van die mens wees.'

Johannes 5,35: 'Hy was die lamp wat brand en skyn, en
julle was gewillig om julle vir 'n tyd in
sy lig te verbly.'

Filippense 2,15: '... sodat julle onberispelik en opreg kan
wees, kinders van God sonder gebrek te midde
van 'n krom en verdraaide geslag onder wie
julle skyn soos ligte in die wêreld.'

II Petrus 1,19: 'En ons het die profetiese woord wat baie
vas is, waaop julle tog moet ag gee soos op
'n lamp wat in 'n donkerplek skyn, totdat die
dag aanbreek en die mōrester opgaan in jul=
le harte.'

I Johannes 2,8: 'En tog skryf ek aan julle 'n nuwe gebod,
wat waar is in Hom en in julle, want die
duisternis gaan verby, en die waaragtige
lig skyn alreeds.'

Openbaring 1,16: 'En in sy regterhand het Hy sewe sterre ge=
hou en 'n skerp tweesnydende swaard het uit
sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos
die son wat skyn in sy krag.'

Openbaring 8,12: '... sodat 'n derde van hulle donker sou word,
en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee
nie, en die nag net so.'

Openbaring 18,23: 'En die lig van 'n lamp sal nooit meer in
jou skyn nie, en die stem van die bruide=
gom en bruid sal nooit meer in jou gehoor
word nie.'

Openbaring 21,23: 'En die stad het die son of die maan nie
nodig om in hom te skyn nie, want die heer=
likheid van God het hom verlig, en die Lam
is sy lamp.'

(In die Johannese geskrifte word telkens die aktiewe vorm

van die werkwoord gebruik, en in die ander drie gevalle (dit is: Matteus 24,27; Filippense 2,15 en II Petrus 1,19) die medium-vorm.)

Φαίνεiv word twee keer gebruik om direk op die aktiwiteit van Christus te dui (Johannes 1,5; I Johannes 2,8); drie keer dui dit indirek (deur middel van 'n gelykenis) op die aktiwiteit van God/Christus (Matteus 24,27; Openbaring 1,16; 21,23); drie keer word dit in figuurlike sin in 'n gelykenis gebruik met betrekking tot die aktiwiteit van mense (Johannes 5,35; Filippense 2,15; II Petrus 1,19), en twee keer meer letterlik (Openbaring 8,12; 18,23).

Drie keer is die onderwerp van die werkwoord lig (of ligte), naamlik: Johannes 1,5; Filippense 2,15; I Johannes 2,8; drie keer lamp, naamlik: Johannes 5,35; II Petrus 1,19; Openbaring 18,23; drie keer die son (en die maan), naamlik: Openbaring 1,16; 8,12 (dag en nag); Openbaring 21,23; en een keer weerlig, naamlik: Matteus 24,27.

3.3.5 Gevolgtrekking

Φαίνεiv het vier betekenismoonlikhede in die Nuwe Testament:

1. Fisieke waarneming, sien;
2. Lyk, blyk (soos δοκέω);
3. Verskyn, openbaar aan;
4. Skyn (lig werp).

J.C. Coetzee (1975, p.32b) dui aan dat φαίνεiv in die geval van die laaste betekenismonterlikheid gebruik word in onderskeid van φωτίζεiv (wat die uitwerking van die lig uitdruk, sy resultaat: verlig, in die lig stel): φαίνεiv druk die wesenswerkzaamheid van die lig uit: lig kan nie anders as om te skyn, te skitter nie. Al bedek iemand dit, bly dit φαίνει, bly dit skyn. Of dit aanveer word of nie, of die oë daarvoor gesluit word of nie, en of dit verstaan/begryp word of nie, die lig bly skyn!

Al wanneer daar n verandering sou intree, is wanneer die lig uitgedoof word; dan sal die lig ophou skyn, en sal daar in die verlede tyd van die skyn-aksie gepraat word.

Die feit dat die praesens (φαίνει) in vers vyf van die Proloog gebruik word, is nie sonder rede nie. Die rede hiervoor lê in die negativering van κατέλαβεν in die daaropvolgende strofe. J.N. Sanders (1968, p.73) sê hiervan: 'The tenses here are significant - the light continues to shine (φαίνει), because the darkness failed to master it (οὐ κατέλαβεν)'. Indien die lig bloot net nie aanvaar of nie begryp/verstaan is nie, sou dit geen rede vir Johannes wees om uit te jubel dat die lig steeds skyn nie, aangesien die aanvaarding of begrip van die lig al dan nie, geen uitwerking sou hê op die aktiwiteit daarvan nie.

Die duisternis hê (aoristus) n poging aangewend om iets te doen aan die lig; dit wás egter nie geslaagd nie, en die gevolg is - die lig skyn steeds (!), en hieroor jubel Johannes.

Κατέλαβεν sou miskien wel met aanvaar vertaal kon word, maar dan moes φαίνει hier die betekenis hê verskyn (en nie skyn nie). Daar bestaan egter geen twyfel (of meningsverskil) dat φαίνει hier die betekenis skyn, lig werp het nie. Daarom kan dit nie anders as dat κατέλαβεν hier n meer aktiewe betekenis (met vyandige ondertoon) het nie.

Die waarskynlikheid (en wenslikheid) van sodanige betekenis word in hoofstukke 2 en 4 van hierdie verhandeling aangedui.

HOOFSTUK 4

DIE BOU VAN DIE PROLOOG

4.1 Inleiding

In hoofstuk 1 is reeds enkele sake met betrekking tot die Proloog aangedui. Op bladsy 13 (1.2.2) word gemotiveer hoe=kom hierdie faset van die Proloog nie reeds in hoofstuk 1 uitgewerk is nie. Hieronder word die fyngestruktureerdheid van die Proloog nader uitgewerk. Eerstens word gewys op die verband met die Hebreeuse poësie van die Ou Testament, en daarna word die strukturele opset van die Proloog aangedui.

4.2 Die verband met die Hebreeuse poësie van die Ou Testament

4.2.1 Inleiding

In hoofstuk 1 (1.1.4) is reeds die algemene verband van die Johannes-evangelie met die Ou Testament aangedui. Hieronder gaan dit meer spesifiek oor die verband met die Hebreeuse poësie van die Ou Testament.

Veral in die eerste vyf verse (strofe waarin οὐ κατέλαβεν voorkom) kan bepaalde verbande getrek word met die Hebreeuse poësie van die Ou Testament, en dit dan veral ten opsigte van parallelisme. Die parallelisme as 'n formele eienskap

Vergelyk in hierdie verband die Proloog:

Johannes 1,1 In die begin was die Woord,
 en die Woord was by God
 en die Woord was God.

Telkens word 'n reël van die eerste deel identies herhaal,
terwyl die gedagte daarvandaan verder vloei tot 'n klimaks:
Die Woord was nie alleen in die begin nie, maar Hy was by
Gód; dit is egter nie al nie - die Woord was God!

4.2.3 Vers twee van die Proloog

Vers twee herhaal nie alleenlik die eerste reël van vers een
nie, maar soos as't ware die hele vers een op; die inhoud
van vers twee word weer aan die einde van die Proloog her-
haal:

vers een: Die Woord was in die begin (... by God).
vers twee: Hy was in die begin by God.
vers agtien: ... wat is in die boesem van die Vader.

Indien Psalm 117 en 118 as 'n eenheid geneem word, kan 'n
soortgelyke verskynsel vasgestel word:

Psalm 117,1.2 Loof DIE HERE alle nasies
 prys Hom alle volke,
 want sy goedertierenheid is geweldig oor ons,
 en die trou van DIE HERE is tot in ewigheid.

Hiervan gee Psalm 118,1 dan soos as't ware 'n opsomming (soos die
geval was met vers twee van die Proloog):

Psalm 118,1 Loof DIE HERE want Hy is goed,
want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.

Hierdie gedagte vind sy weerklink in die laaste vers van die Psalm:

Psalm 118,29 Loof DIE HERE want Hy is goed,
want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.

4.2.4 Omgekeerde sinonieme parallelisme in vers drie

Met omgekeerde sinonieme parallelisme word die gedagte van die eerste reël deur gebruikmaking van 'n teenoorgestelde sinoniem in die tweede reël verdiep.

Vergelyk in dié verband vers drie van die Proloog:

Johannes 1,3 Alles het deur Hom ontstaan
en sonder Hom het nie een ding ontstaan
wat ontstaan het nie.

Wat in die eerste reël positief gestel word, word in die tweede reël negatief gestel. Op hierdie wyse word die gedagte van die eerste reël verdiep.

Psalm 106,13 is hiervan 'n voorbeeld uit die Ou Testament:

Psalm 106,13 Hulle het gou sy werke vergeet,
op sy raadsbesluite nie gewag nie.

4.2.5 Onvolledige parallelisme met kompensasie in vers vier

In die onvolledige parallelisme is daar nie vir elke woord van die eerste reël 'n teëhanger in die tweede reël nie (Smit, 1970, p.15). Uit kompensasie vir die ontbrekende gedeelte van die eerste reël kan in hierdie vorm van parallelisme 'n gedeelte in die tweede reël bygevoeg word, wat self nie parallel aan iets in die eerste reël is nie.

'n Voorbeeld wat Smit aanhaal is Psalm 72,5 (1970, p.16):

Psalm 72,5 Hy sal u vrees solank die son (skyn)
 en solank die maan (daar is) van geslag tot geslag.

Vergelyk in hierdie verband vers vier van die Proloog:

Johannes 1,4 In Hom was lewe,
 en die lewe was die lig vir die mense.

In Hom val weg, was lewe is parallel, en die lig vir die mense word in die tweede reël bygevoeg uit kompensasie.

4.2.6 Vers vyf van die Proloog

Tussen vers vier en vers vyf is daar 'n baie noue verband: vers vier eindig met die woord (φῶς) waarmee vers vyf begin.

Slegs indien οὗ κατέλαβεν hier geïnterpreteer word as nie ooweldig nie, word in lyn met die patroon van vers een

4.3 Die struktuur van die Proloog

4.3.1 Strofes binne die Proloog

J.C. Coetzee (1975) en ook Lange (1971) baken drie strofes af:

- 1-5; Tema: Die goddelike Woord bewerk die nuwe Skepping.
- 6-13; Tema: Die Lig-Woord bring die nuwe dag vir die wêreld.
- 14-18; Tema: Die mensgeworde Woord realiseer die Nuwe Verbond.

So word dit duidelik dat Jesus Christus as mensgeworde Woord die sentrale tema van die Proloog is. In elke strofe word die Woord vanuit 'n ander gesigspunt beskryf:

- Eerste perikoop: God-Woord
- Tweede perikoop: Lig-Woord
- Derde perikoop: Mens-woord

4.3.2 'n Illustrasie van die poëtiese vormgewing van die Proloog

Die fyn poëtiese vormgewing van die Proloog word goed geïllustreer aan die hand van die volgende rangskikking van die Griekse teks (veral die eerste strofe is hier van toepassing):

Eerste strofe: vers een tot vyf:

Ἐν ἀρχῇ ἦν ὁ λόγος,
καὶ ὁ λόγος ἦν πρὸς τὸν θεόν,
καὶ θεὸς ἦν ὁ λόγος.
οὗτος ἦν ἐν ἀρχῇ πρὸς τὸν θεόν.
πάντα δι' αὐτοῦ ἐγένετο,
καὶ χωρὶς αὐτοῦ ἐγένετο οὐδὲ ἓν ὃ γέγονεν.
ἐν αὐτῷ ζωὴ ἦν,
καὶ ἡ ζωὴ ἦν τὸ φῶς τῶν ἀνθρώπων·
καὶ τὸ φῶς ἐν τῇ σκοτίᾳ φαίνει,
καὶ ἡ σκοτία αὐτὸ οὐ κατέλαβεν.

Tweede strofe: vers ses tot dertien:

Ἐγένετο ἄνθρωπος ἀπεσταλμένος παρὰ θεοῦ,
ὄνομα αὐτῷ Ἰωάννης· οὗτος ἦλθεν εἰς μαρτυρίαν,
ἵνα μαρτυρήσῃ περὶ τοῦ φωτός,
ἵνα πάντες πιστεύσωσιν δι' αὐτοῦ.
οὐκ ἦν ἐκεῖνος τὸ φῶς,
ἀλλ' ἵνα μαρτυρήσῃ περὶ τοῦ φωτός.
Ἦν τὸ φῶς τὸ ἀληθινόν,
ὃ φωτίζει πάντα ἄνθρωπον,
ἐρχόμενον εἰς τὸν κόσμον.
ἐν τῷ κόσμῳ ἦν,
καὶ ὁ κόσμος δι' αὐτοῦ ἐγένετο,
καὶ ὁ κόσμος αὐτὸν οὐκ ἔγνω.
εἰς τὰ ἴδια ἦλθεν,
καὶ οἱ ἴδιοι αὐτὸν οὐ παρέλαβον.
ὅσοι δὲ ἔλαβον αὐτόν,
ἔδωκεν αὐτοῖς ἐξουσίαν τέκνα θεοῦ γενέσθαι,

τοῦς πιστεύουσιν εἰς τὸ ὄνομα αὐτοῦ,
οἳ οὐκ ἐξ αἱμάτων
οὔδ' ἐκ θελήματος σαρκὸς
οὔδ' ἐκ θελήματος ἀνδρὸς
ἀλλ' ἐκ θεοῦ ἐγεννήθησαν.

Derde strofe: vers veertien tot agtien:

Καὶ ὁ λόγος σὰρξ ἐγένετο
καὶ ἐσκήνωσεν ἐν ἡμῖν,
καὶ ἐθεασάμεθα τὴν δόξαν αὐτοῦ,
δόξαν ὡς μονογενοῦς παρὰ πατρός,
πλήρης χάριτος καὶ ἀληθείας.
Ἰωάννης μαρτυρεῖ περὶ αὐτοῦ καὶ κέκραγεν λέγων,
Οὗτος ἦν ὃν εἶπον,
Ὁ ὀπίσω μου ἐρχόμενος ἔμπροσθέν μου γέγονεν,
ὅτι πρῶτός μου ἦν.
ὅτι ἐκ τοῦ πληρώματος αὐτοῦ ἡμεῖς πάντες ἐλάβομεν,
καὶ χάριν ἀντὶ χάριτος·
ὅτι ὁ νόμος διὰ Μωϋσέως ἐδόθη,
ἡ χάρις καὶ ἡ ἀλήθεια διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ ἐγένετο.
θεὸν οὐδεὶς ἑώρακεν πώποτε·
μονογενὴς θεὸς
ὁ ὢν εἰς τὸν κόλπον τοῦ πατρὸς
ἐκεῖνος ἐξηγήσατο.

4.3.3 Verdere aanduidings van die fyngestruktureerdheid van die Proloog

4.3.3.1 Die eerste strofe van die Proloog

Die verskillende fasette van parallelisme in die eerste strofe van die Proloog is reeds aangedui (4.2). Hier volg 'n illustrasie van die klimaktiese trapparallelisme in hierdie strofe by wyse van parafrase:

In die begin was die Woord, maar dit is nie al nie -
die Woord was ook by God. Dit is egter nie al nie -
die Woord was self God. Nog is dit nie al nie -
alles het deur Hom ontstaan. En verder -
In Hom was lewe, maar dit is nie al nie -
hierdie lewe was die lig vir die mense. Steeds is dit
nie al nie -
Hierdie lig skyn in die duisternis ,
en ... by dit alles -
die duisternis het die lig nie oorweldig nie!

Indien οὐ κατέλαβεν vertaal sou word met nie aanvaar nie, sou hierdie klimaktiese trapparallelisme verbreek word. Die eerste strofe van die Proloog eindig nou nie met 'n tragiese noot (wat die geval sou wees indien die vertaling nie aanvaar nie as korrek geneem word) nie, maar klimakties met 'n noot van triomf. Tereg is die slotfrase van die eerste strofe, wat 'n lofsang oor die heerlikheid van Christus is, triomferend - 'n oorwinningslied dus.

4.3.3.2 Kleinerwordende konsentriese sirkels ten opsigte van entiteite

J.C. Coetzee (1975) dui aan hoedat bepaalde kleinerwordende konsentriese sirkels in die Proloog onderskei kan word:

Vers vyf: σκοτία (duisternis)
Vers tien: κόσμος (wêreld)
Vers elf: οἱ ἴδιοι (sy eie mense)
Vers twaalf: τέκνα θεοῦ (kinders van God) (ὅσοι δὲ)
Vers sestien: ἡμεῖς (ons) (ook in vers veertien: ἡμῶν)

Duisternis is die 'wydste'; wêreld kleiner, sy eie mense nog kleiner, kinders van God nog kleiner en ons die intiemste.

4.3.3.3 'n Omgekeerd-stygende orde ten opsigte van die werkwoorde waarvan hierdie entiteite die onderwerpe is

Die entiteite hierbo genoem staan telkens in 'n bepaalde verhouding met die Woord. Hierdie relasie word deur die betrokke werkwoord uitgedruk:

σκοτία	- οὐ κατέλαβεν αὐτὸ
κόσμος	- οὐκ ἔγνω αὐτόν
οἱ ἴδιοι	- οὐ παρέλαβον αὐτόν
τέκνα θεοῦ	- ἔλαβον αὐτόν
ἡμεῖς	- ἐλάβομεν ... αὐτοῦ

Hierdie entiteite vertoon egter nie slegs bepaalde kleinerwordende konsentriese sirkels nie, maar tesame met die

betrokke werkwoorde vertoon dit ook n dalende (of: omgekeerd stygende) orde:

Die wydste kring: σκοτία is die duisternis, dit is: dieodelike vyand, Satan. Hierdie σκοτία het die ligού κατέλαβεν.

n Kleiner kring: κόσμος is die wêreld, dit is: Die wat verlei word deur Satan, die heidene. Hierdie κόσμος ken (ἔγνω) die lig nie, vanweë die inwerking van die duisternis.

Nog n kleiner kring: οἱ Ἰδιοὶ is sy eie mense, dit is: die Jode. Sy eie mense aanvaar, verwelkom (παρέλαβον) Hom egter nie. Inteendeel: Hy is vir hulle n ergernis.

Die kleinste kring: τέκνα θεοῦ is die kinders van God, dit is die wedergeborenes, nie uit die mens nie, maar uit God. Hierdie kinders van God neem Hom aan (ἔλαβον) en Hy gee net aan hulle die reg om kinders van God te word.

Die intiemste kring: ἡμεῖς is die intiemste kring: Hy het onder ons gewoon, ons het sy heerlikheid aanskou, ons het uit sy volheid ontvang.¹⁾

- 1) Hierdie omgekeerd-stygende orde is ook te vind in Psalm 1,1:
'Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose
en nie staan op die weg van die sondaars
en nie sit in die kring van die spotters nie.

Ten opsigte van die entiteite is die omgekeerd-stygende orde duidelik: die duisternis (die dodelike vyand), die neutrale wêreld (die verleides, die heidene), sy eie mense (die Jode), en die kinders van God (die wat uit God gebore is, die uitverkorenes), en ons, 'n intiemer parallel van die kinders van God.

Dit is te verwagte dat die werkwoorde hierdie selfde orde sal vertoon. Indien κατέλαβεν vertaal word met aanvaar verdwyn hierdie omgekeerd-stygende orde, want dan word dit gelyk gestel aan παρέλαβον van vers elf. Indien κατέλαβεν egter hier gebruik word met die betekenistoepassing oorweldig kom hierdie omgekeerd-stygende orde ook ten opsigte van die werkwoorde na vore:

die duisternis - het nie oorweldig nie;

die wêreld - het nie geken nie;

sy eie mense - het nie aanvaar nie;

die kinders van God - het aangeneem

(Laasgenoemde word dan nog intiemer uitgebou in vers veertien en sestien.)

Hieruit blyk dit ook dat die vermeende parallel tussen vers vyf, vers tien en vers elf nie houdbaar is nie.¹⁾ Hier is nie sprake van 'n algehele parallel tussen die genoemde verse nie, maar slegs van 'n parallel ten opsigte van die dalende orde van die entiteite en die dalende orde van die werkwoorde

1) Hendriksen (1973, p.73) en Dyer (1960, p.170) handhaaf hierdie parallelisme. Vergelyk verder in hoofstuk 5 (5.1.3.4).

waarvan hierdie entiteite die onderwerpe is.

n Parafrase illustreer hierdie dalende (of: omgekeerd-stygende) orde goed:

Die Satan het Hom nie oorweldig nie,

maar tog het die heidene Hom nie geken nie;

ja, selfs die Jode het Hom nie verwelkom nie.

Máár - almal (dit is: dié wat in sy Naam glo, die wedergeborenes uit God) wat Hom aangeneem het, hulle word kinders van God.

(Hierdie laaste gedagte word dan intiemer uitgebou in vers veertien en sestien.)

4.3.3.4 Die betekenis van die δὲ-solitarium in vers twaalf

Die δὲ-solitarium in vers twaalf is van besondere betekenis.

In vers tien en elf word die frases paratakties deur καὶ aaneengeskakel. Vers twaalf begin egter met die δὲ-solitarium wat dit in skerp kontras plaas met vers tien en elf.

Ter illustrasie die volgende:

Hy was in die wêreld,
en die wêreld het deur Hom ontstaan,
en die wêreld het Hom nie geken nie.
Hy het na sy eiendom gekom,
en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie,
MAAR - diégene wat Hom aangeneem het ...

4.3.4 Gevolgtrekking

Ook struktuuranalities besien, blyk dit dat κατέλαβεν in vers vyf van die Proloog die betekenis oorweldig het.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTENDE GEVOLGSTREKKINGS EN DIE VOORGESTELDE VERTALING

5.1 Verskillende vertalingsmoontlikhede van οὐ κατέλαβεν

5.1.1 Inleiding

Vier moontlikhede word hier oorweeg: begryp/verstaan, aan=
vaar, oorweldig, en die moontlikheid van 'n bedoelde dubbel=
betekenis.

5.1.2 Begryp/verstaan as 'n moontlike vertaling

5.1.2.1 Inleiding

Hierdie standpunt word wel deur sekere kommentatore (en amp=
telike vertalings) gehandhaaf:

H.N. Ridderbos (1968, p.47) is van mening dat dit vertaal
moet word met niet begripen. W.L. Newton (1939, p.160)
sê hiervan: '... take hold of intellectually and hence
understand.' Calvyn (1971, p.20) vertaal met niet begre=
pen.¹⁾ Morris (1973, p.79) laat 'n keuse tussen apprehend

1) Die oorspronklike Latyn word nie gegee nie omdat dit
verwarrend kan wees (Vergelyk laaste paragraaf van
5.1.5:1).

en overcome. Die Engelse vertaling (AV 1950) vertaal:
'... and the darkness comprehended it not.'

5.1.2.2 Diakronies besien

In hoofstuk 2 (2.4.1.5.3) word aangedui dat καταλαμβάνειν in die klassieke en Nuwe-Testamentiese Grieks die betekenis begryp, verstaan het slegs wanneer dit in die medium gebruik word; die Bisantynse Grieks wyk egter hiervan af, en gebruik καταλαμβάνειν selfs in die aktief (en passief) so.

'n Vergelyking van die gebruike van καταλαμβάνειν in die onderskeie tydperke toon dan ook die tendens aan dat die woord al meer in die aktief gebruik word met die betekenis begryp, verstaan.

Om καταλαμβάνειν in die Johannes-evangelie (wat nie later as binne die eerste eeu geskryf is nie) te vertaal met begryp, verstaan sou dus, as hierdie tendens in ag geneem word, nie korrek wees nie.

5.1.2.3 Sinkronies besien

In hoofstuk 2 (2.4.1.3.4) word aangedui dat καταλαμβάνειν vier keer in die Nuwe Testament die betekenis verstaan, begryp het. Telkens (en slegs in hierdie vier gevalle) word die medium gebruik.

η Mens sou dus genoegsaam ander motiverings moes hê om κατέλαβεν in vers vyf van die Proloog dwars teen hierdie tendens in met begryp, verstaan te vertaal.

5.1.2.4 Kontekstueel besien

In hoofstuk 3 (3.3.5) word aangedui hoedat κατέλαβεν in vers vyf van die Proloog η meer aktiewe (byna vyandige) betekenis het. Om κατέλαβεν met begryp, verstaan te vertaal sou nie aan hierdie vereiste voldoen nie.

5.1.2.5 Gevolgtrekking

Van watter kant ook al besien, blyk dit dat κατέλαβεν nie met begryp, verstaan vertaal kan word nie.

5.1.3 Aanvaar as η moontlike vertaling

5.1.3.1 Inleiding

Verskeie kommentatore en amptelike vertalings huldig ~~die~~ standpunt:

W. Hendriksen (1973, p.69) vertaal: '... but the darkness did not appropriate it.' J.C. Coetzee (1975) vertaal: '... en die duisternis het dit nie aangeneem nie.' J.A. Dyer (1960, p.170 tot 171) vertaal: '... even though

the darkness has never appreciated it.'

Die Afrikaanse proefvertaling (1971) vertaal: '... en die duisternis het dit nie aanvaar nie.' Ook die nuwe Afrikaanse vertaling (1975) neem dit so. Die Duits (vertaling van Luther) vertaal: '...Und die Finsternis hat's nicht ergriffen.' Die Frans (Segand, 1948) vertaal: '... et les tenebres no l'ant point recue.'

5.1.3.2 Diakronies besien

In hoofstuk 2 (2.4.1.1.1, p.38) word aangedui dat καταλαμβάνειν in die vroeg-Grieks in die medium die betekenis vir jouself verkry, neem het.

In die Grieks van die LXX is daar geen getuienis dat καταλαμβάνειν die betekenis aanvaar, vir jouself verkry, neem het nie.

In die Nuwe Testament het dit selgs een keer hierdie betekenis aanvaar, vir jouself verkry, neem (vergelyk hoofstuk 2, 2.4.1.3.6).

In die Grieks van die Patristiese tydperk beteken καταλαμβάνειν in die eerste plek gryp, besit kry van, oorweldig, en hieruit voortvloeiend ontvang (om te besit of te hou) en dus aanvaar (hoofstuk 2, 2.4.1.4).

5.1.3.3 Sinkronies besien

Van die vyftien keer wat καταλαμβάνειν in die Nuwe Testament gebruik word, het dit slegs een keer die betekenis verkry (Johannes 1,5 geneem as oorweldig), dit is: n pas-siewe in-ontvangs-neem (vergelyk hoofstuk 2, 2.4.1.3.6).

5.1.3.4 Kontekstueel besien

In hoofstuk 3 is daar aangedui hoedat passiewe in-ontvangs-neem, aanvaar nie sou inpas in die konteks van vers vyf van die Proloog nie. n Meer aktiewe betekenis (met n byna vy-andige ondertoon) van καταλαμβάνειν is hier noodsaaklik (soos aangedui aan die einde van hoofstuk 3, en ook hoof-stuk 4, 4.3.3.3).

W. Hendriksen (1973, p.73) spreek hom baie pertinent uit teen die vertaling did not overcome, overpower, put out, extinguish. Sy beredenering is soos volg:

'Whereas in form the three clauses of verse 5b 10b, and 11b are very similar, it would seem probable that they are also similar in meaning. We have here a striking illustration of parallelism:

'The darkness αὐτὸ οὐ κατέλαβεν' (verse 5b);
'The world did not acknowledge him.' (verse 10b);
'his own did not welcome him.' (verse 11b).

'It is immediately evident that the rendering did not overpower (for verse 5b) does not fit into this parallelism. The translation did not appropriate is much better.'

Dit lyk asof Hendriksen 'n vooropgesette struktuur (die parallelisme wat hy aandui) as uitgangspunt vir die vertaling neem. Gesien dat καταλαμβάνειν sê mees waarskynlike betekenis nie by hierdie struktuur inpas nie, neem hy 'n ander betekenis daarvan wat wel hierdie parallelisme sal handhaaf.¹⁾

In 'n daaropvolgende paragraaf (steeds p.74) is dit egter asof Hendriksen maar nie kan wegkom van die mees waarskynlike betekenis van καταλαμβάνειν in die Proloog nie:

'But even if we correctly translate: but the darkness did not appropriate it, the fact must be stressed that we are dealing here with the figure of speech called litotes. From passages such as 3:20 (cf. Eph. 6:12) it is evident that this darkness does not merely behave negatively; on the contrary, hates the light. It refers to the world of mankind viewed as a hostile power, which actively resists the light and refuses to accept it. What we have here is a manifestation of the absolute antithesis between light and darkness, the kingdom of God and the world, Christ and the forces of the evil one.'

Hoekom κατέλαβεν dan nie maar vertaal met nie oorweldig nie?

Grosheide (1950, p.74) beredeneer dat die vertaling oorweldig tautologies is; op grond van die feit dat die skyn van die lig duratief is, sê hy dat dit nie nodig is om waar te sê dat die lig homself handhaaf nie. Hy verloor

1) Vergelyk ook wat hieroor gesê word in hoofstuk 4 (4.3.3.3 tweede laaste paragraaf).

egter uit die oog dat dubbelsegging n gewone taalkundige verskynsel is (Funk, 1972, p.492), en dat hierdie vorm van parallelisme tipies is van die Proloog.

Ook Dyer (1960, p.170) dui aan dat die vertaling van κατέλαβεν n probleem is. Hy doen die volgende aan die hand:

'A study of a few other terms used in John 1,1-13 may help to clarify verse 5. Verse 5, 10 and 11 portray the same event. The light shining in the darkness, the creator coming into the cosmos, the owner coming unto his possessions, are all figures used to depict the coming of the Logos. In like manner, οὐ κατέλαβεν, οὐκ ἔγνω and οὐ παρέλαβον are used to convey the sequel to that event. This seems to require similar meanings for all three terms.'

The light shining in the darkness, the creator coming into the cosmos, the owner coming unto his possessions is nie so parallel as wat Dyer beweer nie.¹⁾ Indien φαίνει in vers vyf vertaal kon word met verskyn, sou Dyer se baredenering houdbaar kon wees (vergelyk 3.3.5, waar reeds aangedui is dat dit nie moontlik is nie). Die lig skyn (praesens) in die duisternis dui n handeling aan wat voortdurend besig is om te gebeur, terwyl die handelinge in vers tien-a en elf-a eenmalig (aoristus) is. Dus: indien φαίνει hier die betekenis verskyn het, en indien dit n historiese praesens is (wat albei baie onweerskynlik is), sou hierdie parallel (soos aangedui deur Dyer) houdbaar wees, en dus ook die vertaling van οὐ κατέλαβεν met nie aanvaar nie.

- 1) Vergelyk wat hieroor gesê word in Hoofstuk 4 (4.3.3.3, tweede laaste paragraaf).

Dit is egter nie die geval nie.¹⁾

Ook J.C. Coetzee (1975, p.35) gaan uit van die standpunt dat vers vyf, tien en elf parallel is. Van vers vyf-b sê hy:

'In vers 5b eindig die eerste strofe klimakties met 'n skokkende antiklimaks: ...en die duisternis het die lig nie aangeneem nie. Dit stel die negatiewe reaksie van 'n in duisternis, Godverlate, verlore mensheid teenoor Hom wat liggend, lewebrengend verskyn in die wêreld wat deur Hom wonderbaarlik goed gemaak is.'

Φαίνειν se betekenisemoontlikhede skyn en verskyn word verwissel. Die verskyning is 'n eenmalige feit, maar die skyn is 'n voortdurende handeling, en daarom is hierdie verwisseling nie korrek nie.

5.1.3.5 Struktuuranalities besien

In hoofstuk 4 word aangedui hoedat sowel 'n vergelyking tussen die Proloog en die Hebraëuse poësie van die Ou Testament (4.2.6) as die struktuur van die Proloog self (4.3.3.3) laat blyk dat κατέλαβεν nie die betekenis aanvaar in die Proloog het nie.

- 1) P. Borgen (1972, p.127) wys ook die sogenaamde parallel af tussen οὐ κατέλαβεν, οὐκ ἔγνω en οὐ παρέλαβον met die motivering dat vers vyf-b na die vroegste tyd verwys, en die ander twee na die latere intrede van die Lig in die geskiedenis.

So ook H.C. Green (1954/5, p.294), E. Käsemann (1968, p.161), en J.P. Louw (1965, p.53).

5.1.3.6 Gevolgtrekking

Dit blyk baie onwaarskynlik te wees dat κατέλαβεν die betekenis aanvaar in vers vyf van die Proloog het.

5.1.4 Die moontlikheid van n bedoelde dubbelbetekenis

5.1.4.1 Inleiding

Verskeie kommentatore dui aan dat Johannes telkens uitdrukke gebruik met meer as een bedoelde betekenis.

L. Morris (1973, p.73) sê byvoorbeeld:

'John is fond of using expressions with more than one meaning. If it happened only occasionally we might regard it as coincidence and make a serious effort to decide between the two meanings. But it happens so often that it must be regarded as deliberate.'

Ook D.W. Wead (1970, p.vi) spreek hom hieroor uit:

'Our research shows the author actually intended to convey two meanings with one word or series of words. The double meanings come on the basis of standard secondary meanings usually developed through metaphors. The primary and secondary meanings are both intended to apply.'

Spesifiek met betrekking tot κατέλαβεν sê K.F. Althoff (1967, p.62):

'Wir bleiben auch - vielleicht etwas vereinseltigt - bei der Bedeutung des Erfassens im Sinne des Begreifens mit der mitschwingenden Nebendeutung eines (im Kampfe) Niederringens.'

F.W. Gingrich (1943, p.77) onderskei ook hierdie semantiese verskynsel in die Johannes-evangelie:

'Purposefull ambiguity in the meaning of words is an interesting semantic phenomenon. A good deal of it is found in the gospel of John - perhaps more than is generally recognised.'

'In 1:5 κατέλαβεν may be either comprehended or overwhelmed; the likelihood is that the author intended to convey both meanings at once, so that the expanded translation of the sentence would be: 'The darkness neither understood it rightly, nor was able to overwhelm it.'

J.P Louw (1967, p.14-5) bewys aan die hand van die stilistiese sinsboustruktuur van die Proloog dat κατέλαβεν sowel oorweldig as verstaan moet beteken. Hy beskou dit as 'n dubbelsegging, 'n woordspel. In 'n ander artikel (1965, p.53) bring Louw hierdie spel van woorde in die volgende vertaling tuis:

vers 5: ... en die duisternis het dit nie aangegryp nie.

vers 10: ... en tog het die wêreld nie tot begrip van Hom gekom nie.

vers 11: ... en tog het sy eie Hom nie aangeneem nie..

C.K. Barret (1955, p.132) sê hiervan die volgende: 'Here it seems probable that John is playing on the two meanings:

to overcome ... to understand.¹⁾

Ook J.N. Sanders (1968, p.73) onderskryf hierdie standpunt. Hy sê dat dit karakteristiek van die styl van Johannes is dat hy graag woorde met 'n dubbele betekenis gebruik. Van vers vyf sê hy dat oorweldig die primêre betekenis is, en verstaan 'n sekondêre betekenis.

So ook R.H. Lightfoot (1969, p.89): 'St. John is prone to use words which include two meanings: appropriate and overcome.'

O. Cullmann (1948, p.360) dui verskillende voorbeelde van woorde en groepe woorde aan wat deur Johannes met 'n dubbele betekenis gebruik word.

Macgregor (1928, p.7) doen aan die hand dat κατέλαβεν vertaal word met master, in 'n poging om sowel die betekenis understand as overcome te bevat.

5.1.4.2 Oorweging van die moontlikheid van 'n bedoelde dubbelbetekenis

5.1.4.2.1 Oorweldig en verstaan

Aan die begin van hierdie hoofstuk (5.1.2) word aangedui dat κατέλαβεν nie met begryp, verstaan vertaal kan word

1) So ook in sy artikel: κατέλαβεν in John 1:5, 1941-2, p.297.

nie. Hierdie dubbelbetekenis is dus nie moontlik nie.

5.1.4.2.2 Oorweldig en aanvaar

Hierbo (5.1.3) word aangedui dat dit baie onwaarskynlik is dat Johannes κατέλαβεν met die betekenis aanvaar in die Proloog gebruik. Die feit dat die betekenis aanvaar baie goed in 'n struktuur-analise van die Proloog inpas, kan nie as enigste maatstaf geneem word vir die bepaling van die betekenis van κατέλαβεν in vers vyf nie.¹⁾

Ook hierdie dubbelbetekenis word afgewys.

5.1.4.3 Gevolgtrekking

Dat Johannes woorde en woordgroepe dikwels met 'n bedoelde dubbelbetekenis gebruik (soos deur verskillende Nuwe-Testamentici aangedui word) is waar.²⁾ Hierdie

1) Vergelyk ook 4.3.3 oor die struktuur van die Proloog.

2) Vergelyk byvoorbeeld L. Morris (1973, p.86) oor die tyd (aoristus) van κατέλαβεν: 'The aorist tense of the verb overcome is unexpected: The light shines in the darkness, and the darkness does not overcome it. The most natural way of taking the aorist, however, is as referring to a single occasion. It may be that we are to understand it of creation, the subject of the present passage. There the light triumphed and not the darkness. Some discern a reference to the fall of man (Genesis 3). Perhaps more likely is a reference to Calvary (so Murray). There the light and the darkness

dubbelbetekenis mag egter nie van buite af, kunsmatig, op grond van 'n vooropgesette strukturele opbou ingedra word nie; die woord (of woordgroep) en die konteks waarin dit voorkom moet meerduidigheid laat blyk (soos talle voorbeelde wat aangedui word deur die persone hierbo onder 5.1.4.1 genoem).

Dat Johannes κατέλαβεν in die Proloog met 'n bedoelde dubbelbetekenis gebruik, word dus afgewys.

5.1.5 Oorweldig as 'n moontlike vertaling

5.1.5.1 Inleiding

Verskeie kommentatore en amptelike vertalings huldig die standpunt:

Bouma (1933, p.32) verkies die vertaling nie oorweldig nie, omdat die passasie vir hom een van triomf is. Die niet begrepen van die Statevertaling hou tragedie in.

Ook L. Mowry (1954, p.78) verkies die vertaling nie oorweldig nie. Hy sê: 'Darkness at one time tried to overcome the light, but the light was victorious, and now shines.'

- 2) (Vervolg van vorige bladsy) come into bitter decisive conflict and the darkness could not prevail. Probably in his usual manner John is using an expression which should be taken as true on more than one level.'

So ook J.N. Sanders (1968, p.73): '... and the light continues to shine, because the darkness failed to master it.' Hy is van mening dat oorweldig die primêre betekenis van die woord is, alhoewel hy ruimte laat vir die sekondêre betekenis verstaan.

Ook W. Nagel (1959, p.136); hy sê dat die oudste aanhouders van die Proloog na alle waarskynlikheid verstaan het: Die Finsternis hat es nicht Übergewältigt.

So ook Ch. de Beus (1973, p.50): 'De duisternis heeft het licht niet overweldigd, dit is: niet uitgedoofd.'

So ook Guthrie (1970, p.930): 'The darkness has not overcome it, ... fits the context better for it draws attention to the superior quality of the light.'

So ook Bernard (1969, p.5); L. Morris (1973, p.85); R.E. Brown (1966, p.8); J.P. Lange (1971, p.59); en ook Origenes en ander Griekse vaders, soos aangedui deur Bernard (1969, p.6) en R.E. Brown (1966, p.8).

Die volgende amptelike vertalings (onder andere): Afrikaans (1933); Good News for Modern Man (TEV); Esperanto; die werkwoord wat die Latynse vertaling gebruik (comprehendere) het ook die betekenis oorweldig.¹⁾

1) Vergelyk W. Nagel, 1959, p.136.

5.1.5.2 Diakronies besien

In hoofstuk 2 (2.4.1.1) word aangedui dat καταλαμβάνειν in die klassieke Grieks in die eerste plek die betekenis beset, oorweldig het.

In dieselfde hoofstuk (2.4.1.2) word aangedui dat καταλαμβάνειν slegs twee uit die honderd keer wat dit in die LXX voorkom, met 'n betekenis gebruik word waarin daar nie 'n ondertoon van oorweldig te bespeur is nie.

In dieselfde hoofstuk (2.4.1.3) word aangedui dat καταλαμβάνειν slegs een uit die vyftien keer wat dit in die Nuwe Testament voorkom, gebruik word met 'n betekenis waarin die ondertoon van oorweldig, oorval nie baie sterk figureer nie.

In dieselfde hoofstuk (2.4.1.4) word aangedui dat die gebruik van καταλαμβάνειν in die Patristiese tydperk veral die betekenis oorweldig het, alhoewel dit al hoe meer met 'n afgeleide betekenis gebruik word.

In dieselfde hoofstuk (2.4.1.5) word aangedui hoedat die ondertoon van oorweldig hoe later hoe meer vaer word; in die Bisantynse Grieks het dit baie vervaag.

5.1.5.3 Sinkronies besien

Van die vyftien gevalle waarin καταλαμβάνειν in die Nuwe

Testament voorkom, het dit slegs een keer 'n betekenis waarin die ondertoon van oorweldig, oorval baie moeilik naspourbaar is.

5.1.5.4 Kontekstueel besien

Aan die einde van hoofstuk 3 (3.3.5) word aangedui dat dit nie anders kan as dat κατέλαβεν in vers vyf van die Proloog 'n meer aktiewe betekenis (met 'n vyandige ondertoon) het nie.

Hierdie betekenis is oorweldig.

5.1.5.5 Struktuuranalities besien

In hoofstuk 4 word aangedui hoedat beide 'n vergelyking tussen die Proloog en die Hebreëuse posisie van die Ou Testament (4.2.7), sowel as die struktuur van die Proloog (4.3.3.3) dit laat blyk dat κατέλαβεν in die Proloog die betekenis oorweldig het.

Vergelyk ook 4.3.3.1 in verband met die klimaktiese trap=parallelisme in die eerste strofe van die Proloog.

5.1.5.6 Gevolgtrekking

Dit blyk hoogswaarskynlik te wees dat οὐ κατέλαβεν in die Proloog die betekenis nie oorweldig nie het.

5.2 Gevolgtrekking

Johannes gebruik οὐ κατέλαβεν in die Proloog met die betekenis nie oorweldig nie. Tot hierdie gevolgtrekking word gekom omdat:

- 1) 'n Studie van die diakroniese en sinkroniese betekenismoonlikhede van καταλαμβάνειν, sowel as 'n studie van die kontekstuele gebruik daarvan, daarop dui (vergelyk 2.4);
- 2) 'n studie van die diakroniese en sinkroniese betekenismoonlikhede van λαμβάνειν en παραλαμβάνειν sowel as 'n studie van die kontekstuele gebruik daarvan, daarop dui (vergelyk 2.2 en 2.3);
- 3) 'n studie van die diakroniese en sinkroniese betekenismoonlikhede van φῶς, φαίνειν en σκοτία, sowel as 'n studie van die kontekstuele gebruik daarvan, daarop dui (vergelyk hoofstuk 3);
- 4) 'n vergelyking met die Hebreëuse poësie van die Ou Testament daarop dui (vergelyk 4.2);
- 5) die struktuuranalise van die Proloog daarop dui (vergelyk 4.3).

5.3 Die vertaling

Met alle beskikbare gegewens in ag geneem, word die volgende vertaling van Johannes 1,5 gemaak:

Die lig skyn steeds in die duisternis,
ja, die duisternis het dit nie oorweldig nie!

ADDENDUM

Uit die navorsingswerk wat vir die samestelling van hierdie verhandeling gedoen is, het dit geblyk dat die volgende aan-geleenthede verdere studie regverdig:

1. Tot watter mate Johannes hom laat bind deur die alge-meen gebruiklike betekenismoontlikhede van woorde in die meer poëtiese gedeeltes van sy evangelie.
2. Prosa- en poëtiese strukture in die Nuwe Testament (vergelyk voetnota 1, bladsy 15).
3. Verdere vergelykende studie oor die rol van voorsetsels in die klassieke en Nuwe-Testamentiese Grieks.

SUMMARY

The translation of John 1,5 is problematic. The problem is centralised in οὐ κατέλαβεν, a word with a wide spectrum of connotative meanings. New Testament scholars have indicated different meanings as correct. Several of these meanings have been used in official translations of the Bible.

The object of this dissertation is to ascertain the meaning of οὐ κατέλαβεν, and, in the light thereof, to give a verified translation of John 1,5.

In the ascertainment of the meaning of οὐ κατέλαβεν in John 1,5, the extremities of both the Etymological - and the Discourse Analysis Methods have been avoided.

1. The use of both the word concerned, and the words which are closely related - structurally and etymologically - to it, has been ascertained diachronically and synchronically.

It became evident that the word concerned always has, both in its diachronic and synchronic use, a very prominent 'hostility' connotation. It also became evident that the word concerned has the meaning understand (that is: grasp mentally) in the active, only as late as the Byzantine Period.

2. The contextual use of both the word concerned and the

words which are closely related - structurally and etymologically - to it, has been ascertained. The contextual use of this word points to a prominent 'hostility' connotation.

3. An analysis of the structure of the Prologue demands a meaning with a 'hostility' connotation. The first five verses of the Prologue are climactic. If the word concerned has a meaning without this 'hostility' connotation, the climactic construction is violated. Furthermore, the evident construction of the Prologue as a whole is violated if the meaning of the word concerned does not have this 'hostility' connotation.
4. The poetic style of the first five verses of the Prologue resembles very closely the Hebrew Poetry of the Old Testament. This resemblance is violated if the word concerned loses its 'hostility' connotation in translation.

With all the available data taken into consideration, it became evident that the word concerned is to be translated extinguish, put out. The following translation is made of John 1,5:

'Die lig skyn steeds in die duisternis,
ja, die duisternis het dit nie oorweldig nie!'

BIBLIOGRAFIE

- ALAND, K. en andere. The Greek New Testament. Stuttgart, United Bible Societies, 1968.
- ALTHOFF, K.F. Der Prolog zum Evangelium nach Johannes. Freiburg, Verlag die Kommenden, 1967.
- ASTIUS, D.F. Lexicon Platonicum. New York, Burt Franklin, hardruk, 1969.
- AUTENRIETH, G. An Homeric dictionary. Londen, Macmillan & Co., 1931.
- BARCLAY, W. Great themes of the New Testament (John 1:1-14). The Expository Times 70:78-82, 1958/9.
- BARRET, C.K. The Gospel according to St. John; an introduction with commentary and notes on the Greek text. Londen, S.P.C.K., 1955.
- BARRET, C.K. Κατέλαβεν in Jo 1:5. The Expository Times 53:297, 1941/2.
- BAUER, W. A Greek-English lexicon of the New Testament and other early-Christian literature. (Translated and edited by W.F. Arndt and F.W. Gingrich from W. Bauer's 'Griechisch-deutsches Wörterbuch zu den Schriften des Neuen Testaments und der übrigen urchristlichen Literatur', fourth edition, 1949-52.)
- BERNARD, J.H. A critical and exegetical commentary on the gospel according to St. John. Edinburgh, T & T Clark, 1969. (International Critical Commentary)
- BORGEN, P. Logos was the true light. Novum Testamentum 14: 115-130, 1972.
- BROWN, R.E. The gospel according to John. New York, Doubleday & Company, 1966. (The Anchor Bible)
- BOUMA, C. Het evangelie naar Johannes opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard. Kampen, Kok, 2e

- druk, 1933. (Korte Verklaring)
- BULTMANN, R. Das Evangelium des Johannes. Göttingen, Van den Hoek & Ruprecht, 1950.
- CALVYN, J. Het evangelie van Johannes (opnieuw uit het Latijn vertaald deur G.L. Goris). Goudriaan, de Groot, 2e uitgawe, 1971.
- COETZEE, J.C. Besondere Kanoniek - Die evangelie van Johannes. Potchefstroom, Kladiktaat, 1974.
- COETZEE, J.C. Persoonlike aantekeninge - Eksegese van Johannes 1:1-18. Potchefstroom, Kladiktaat, 1975.
- COETZEE, J.C. Life (eternal life) in St. John's writings and the Qumran Scrolls. Neotestamentica 6:48-67, 1972.
- CONNICK, C.M. The dramatic character of the fourth gospel. Journal of Biblical Literature 47:159-170, 1948.
- CONZELMANN, H. Φῶς, etc. (In Kittel, G. & Friedrich, G. Theological Dictionary of the New Testament IX:310-358. (In Engels vertaal deur G.W. Bromiley.) Grand Rapids, Eerdmans, 1964.)
- CONZELMANN, H. Σκότος, etc. (In Kittel, G. & Friedrich, G. Theological Dictionary of the New Testament VII:423-445. (In Engels vertaal deur G.W. Bromiley.) Grand Rapids, Eerdmans, 1964.)
- CULLMANN, O. Der johanneische Gebrauch doppeldeutiger Ausdrücke als Schlüssel zum Verständnis des vierten Evangeliums. Theologische Zeitschrift 4:360-372, 1948.
- DE BEUS, Ch. Johannes' getuigenis van het Woord. Nijkerk, Callenbach, 1973.
- DEEKS, D. The structure of the fourth gospel. New Testament Studies 15:107-129, 1968/9.
- DELLING, G. Ἀπαβάνω, etc. (In Kittel, G. & Friedrich, G. Theological Dictionary of the New Testament IV:5-15 (In Engels vertaal deur G.W. Bromiley.) Grand Rapids, Eerdmans, 1964.)

- DODD, C.H. The interpretation of the Fourth Gospel. Cambridge, University Press, 1972.
- DRUMMOND, R.J. Genesis 1 and John 1:1-14. The Expository Times, 49:568, 1937/8.
- DU TOIT, A.B. Redevoeringsanalise en vertaling van die Nuwe Testament. Referaat gelewer aan die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, Potchefstroom, 1974. (Ongepubliseerd)
- DYER, J.A. The unappreciated light. Journal of Biblical Literature 79:170-1, 1960.
- FENSHAM, F.C. Love in the writings of Qumran and John. Neotestamentica 6:67-77, 1972.
- FOWLER, H.N. Plato; with an English translation. Londen, William Heinemann, 1953. (The Loeb Classical Library)
- FUNK, R.W. A Greek grammar of the New Testament and other early Christian literature (A revision of F. Blass & A. Debrunner 'Grammatik des neutestamentlichen Griechisch', incorporating supplementary notes by A. Debrunner). Chicago & Londen, University of Chicago Press, 5e uitgawe, 1972.
- GINGRICH, F.W. Ambiguity of word meaning in John's Gospel. Classical Weekly 37:77, 1943.
- GREEN, H.C. The composition of St. John's Prologue. The Expository Times 66:291-4, 1954/5.
- GROBLER, J.H. Grieks aan die P.O. vir C.H.O. Koers XXXV: 80-98, 1967/8.
- GROSHEIDE, F.W. Het Heilig Evangelie volgens Johannes, deel I. Amsterdam, van Bottenberg, 1950. (Commentaar op het Nieuwe Testament)
- GUTHRIE, D. John. (In The New Bible Commentary, Guthrie, D. en andere. Grand Rapids, Eerdmans, 1970. p.926-967.)
- GUTHRIE, D. New Testament Introduction. Londen, Inter-Varsity Press, 2e uitgawe, 1974.

- HAENCHEN, E. Probleme des johanneischen Prologs. Zeitschrift für Theologie und Kirche 60:305-334, 1963.
- HARRISON, R.K. Introduction to the Old Testament. Londen, Tyndale Press, 1970.
- HATCH, E. & REDPATH, H.A. A Concordance to the Septuagint and the other Greek Versions of the Old Testament (including the apocryphal books). Graz, Akademische Druck, 1954.
- HENDRIKSEN, W. The Gospel of John. Londen, Billings & Sons, 2e uitgawe, 1973. (New Testament Commentary)
- HUNTER, A.M. According to John. Londen, SCM Press, 2e uitgawe, 1970.
- KÄSEMANN, E. Exegetische Versuche und Besinnungen (2e band). Göttingen, Van den Hoeck & Ruprecht, 3e uitgawe, 1968.
- KEUR, J. & P. De apokryfe boeken. Kampen, Kok, s.j.
- KOEHLER, L. & BAUMGARTNER, W. Lexicon in Veteris Testamenti Libros. Leiden, Brill, 1958.
- KÜMMEL, W.G. Introduction to the New Testament. (Vertaling van: 'Einleitung in das Neue Testament', Heidelberg, Quelle & Meyer, 1965). Londen, SCM Press, 3e uitgawe, 1972.
- LAMPE, G.W.H.. A Patristic Greek Lexicon. Oxford, Clarendon Press, 1968.
- LANGE, J.P. A Critical, doctrinal and homiletical Commentary on the Holy Scriptures; John - Acts. (Translated from the German, and edited, with additions by Philip Schaf.) Grand Rapids, Zondervan, 1971.
- LIDDELL, H.G. & SCOTT, R. A Greek-English Lexicon. Oxford, University Press, 1861.
- LIDDELL, H.G. & SCOTT, R. An Intermediate Greek-English Lexicon founded upon the seventh edition of Liddell and Scott's Greek-English lexicon.

- LIGHTFOOT, R.H. St. John's Gospel (Ed. C.F. Evans). Londen, Oxford University Press, 1969.
- LOUW, J.P. Joh. 1,5 - 'n Vertaalprobleem. Ned. Geref. Teologiese Tydskrif 6:47-53, 1965.
- LOUW, J.P. Resente ontwikkelinge in die Griekse taalkunde en teksverklaring. Pietersburg, Publikasies van die Universiteit van die Noorde, 1973. (Reeks B nr. 9)
- LOUW, J.P. Stilistiese sinsboustrukture en Nuwe Testamentiese Grieks. Bloemfontein, 1967. (Intriere, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein)
- MACGREGOR, G.H.C. The gospel of John. Londen, Hodder & Stoughton, 1928. (The Moffat New Testament Commentary)
- MEEKS, W.A. The Prophet-King; Moses traditions and the Johannine Christology. Leiden, Brill, 1967.
- METZGER, B.M. A textual commentary on the Greek New Testament. Londen, United Bible Societies, 1971.
- MORRIS, L. The Gospel according to John; the English text with introduction, exposition and notes. Grand Rapids, Eerdmans, 2e uitgawe, 1973.
- MOULTON, J.H. A Grammar of the New Testament (Vol. II). Edinburgh, Clark, 1929.
- MOULTON, J.H. & MILLIGAN, G. The vocabulary of the New Testament illustrated from the Papyri and other non-literary sources. Londen, Hodder & Stoughton, 1959.
- MOULTON, W.F. & GEDEN, A.S. A Concordance to the Greek Testament. Edinburgh, Clark, 4e uitgawe, 1974.
- MOWRY, L. The Dead Sea Scrolls and the background of the gospel of John. The Biblical Archaeologist 17:78-97, 1954.
- NAGEL, W. Die Finsternis hat's nicht begriffen (Joh. 1:5). Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft 50:132-137, 1959.

- NEWTON, W.L. Difficulties in translating St. John's Gospel. The Catholic Biblical Quarterly 1:160-163, 1939.
- NICOL, W. The oameia in the Fourth Gospel; tradition and redaction. Leiden, Brill, 1972.
- NICOL, W. The History of Johanne Research during the Past Century. Neotestamentica 6:8-19, 1972.
- O'NEILL, J.C. The prologue to St. John's Gospel. Journal of Theological Studies 20,41-52, 1969.
- POWELL, J.E. A Lexicon to Herodotus. Hildesheim, Georg Olms, 1960.
- RAHLFS, A. Septuaginta. Stuttgart. Privilegierte Württembergische Bibelanstalt, 1935.
- RIDDERBOS, H. The Structure and Scope of the Prologue to the Gospel of John. Novum Testamentum 8,180-201, 1966.
- RIDDERBOS, H.N. Het woord, het rijk en onze verlegenheid. Kampen, Kok, 1968.
- ROBINSON, J.A.T. The Relation of the Prologue to the Gospel of St. John. New Testament Studies 9:120-9, 1962/3.
- ROBINSON, J.A.T. Twelve New Testament Studies. London, SCM Press, 2e uitgawe, 1962. (Studies in Biblical Theology, no. 34)
- SANDERS, J.N. A Commentary on the Gospel according to St. John (Ed. and completed by B.A. Mastin). London, Black, 1968. (Black's New Testament Commentaries)
- SCHNACKENBURG, R. Das Johannesevangelium (Deel I). Frieburg/Basel/Wenen, Herder, 1967. (Herders Theologischer Kommentar zum Neuen Testament)
- SHEPHERD, M.H. (Jnr.) The Gospel according to John. (In The Interpreters One-Volume Commentary on the Bible, Ed. C.M. Layman.) New York, Abingdon Press, 1971.
- SICKENBERGER, J. Das in die Welt kommende Licht, Jo 1:9. Theologie und Glaube 33:129-134, 1941.

- SMIT, E.J. Die Hebreeuse poësie van die Ou Testament. Potchefstroom, Pro Rege-Pers, 1970.
- SMYTH, H.W. Greek Grammar. Cambridge, Harvard University Press, 1963.
- SOPHOCLES, E.A. Greek Lexicon of the Roman and Byzantine periods. New York, Frederick Ungar, 1957.
- TENNEY, M.C. John, the Gospel of Believe; an analytic study of the text. Londen, Marshall, Morgan & Scott, 1954.
- TENNEY, M.C. New Testament Times. Londen, Inter-Varsity Fellowship, 1965.
- VAN DEN ES, A.H.G.P. Grieksch woordenboek. Groningen, Wolters, 1896.
- VAN DER WAAL, C. The Gospel according to John and the Old Testament. Neotestamentica 6,28-47, 1972.
- VORSTER, W.S. The Gospel of John as Language. Neotestamentica 6,19-27, 1972.
- VORSTER, W.S. Oor semantiek, grammatiese analise en Bybelvertaling. Referaat gelewer aan die Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, Potchefstroom, 1974. (Ongepubliseer)
- WEAD, D.W. The Literary Devices in John's Gospel. Basel, Friedrich Reinhardt, Kommissionsverlag, 1970.
- WIELENGA, B. De Bijbel als boek van schoonheid. Kampen, Kok, 5e uitgawe, 1939.
- WIGRAM, G.V. The Englishman's Hebrew and Chaldee Concordance of the Old Testament. Londen, Samuel Bagster & Sons, herdruk, 1971.

AMPTELIKE VERTALINGS VAN DIE NUWE TESTAMENT

AFRIKAANS. Die Blye Boodskap; die Nuwe vertaling . Kaapstad, Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1975.

AFRIKAANS. Die Bybel, dit is die ganze heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad, Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1971.

AFRIKAANS. n Proefvertaling van I Samuel, Amos, Maleagi, die Evangelie volgens Johannes, die brief aan die Filippense, die brief aan die Kolossense, vertaal uit die oorspronklike tale. Kaapstad, Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1971.

DUITS. Die Bibel oder die ganze heilige Schrift des Alten und Neuen Testaments nach der deutschen Übersetzung Martin Luthers. Stuttgart, Württembergische Bibelanstalt, 1971.

ENGELS. Good News for Modern Man; the New Testament in Today's English Version (English Spelling). Kaapstad, The Bible Society of South Africa, 1971.

ENGELS. The Holy Bible containing the Old and New Testaments translated out of the original tongues and with the former translations diligently compared and revised by his Majesty's special command. (Authorised King James' Version) Londen, Collius' Clear-type Press, s.j. (c. 1950).

ESPERANTO. La Sankta Biblio; malnova kaj nova testamentoj tradukitaj el la originalaj lingvoj.. Londen, Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, 1966.

FRANS. La Sainte Bible par Louis Segand. Parys, Rue de Clichy, 1948.

LATYN. Novum Testamentum Latinum; Textum Vaticanum cum apparatu critico ex editionibus et libris manu scriptis collecto imprementum curavit Eberhard Nestlé (editio decima). Stuttgart, Württembergische Bibelanstalt, 1967.

NEDERLANDS. Bijbel, dat is de gansche Heilige Schrift bevattende al de canonieke boeken des Ouden en Nieuwen Testaments door last van de hoog-mog. heeren Staten-generaal van de Vereenigde Nederlanden en volgens het besluit van de Synode-Nationaal, gehouden te Dordrecht in de jaren 1618 en 1619. Leiden, Zijthoff, s.j.